# Op Golgota - Boek 2

Deur die innerlike word gedikteer aan:

**Louise Snyder**

Gedruk en geset deur:
**Ariël Drukkers**
Posbus 1130
Hartebeespoort,
0216
Tel: (012) 376 2532
3762999/7
Faks: 376 2983
e-pos: koerier@global.co.za
Webwerf:
www.nuweopenbaring.co.za

# Op Golgota - Boek 2

**In hierdie boek, die vierde in `n reeks eindtyd openbaringe aan Louise Snyder, gaan ons dierbare Verlosser voort om ons bewus te maak van Sy groot verlossingsplan, asook die groot reinigingsproses wat ons as gelowiges sal moet deurmaak, sodat ons Hom, eerstens in die gees, en daarna met ons vleeslike oë, sal kan sien**

# *OP GOLGOTA 2*

## Hoofstuk 1

***5 Jan. 2008 06. 59***

In MY vorige boek oor MY kruisiging het EK julle vertel hoe dit gebeur het en ook hoe EK satan in die diepte van die hel oorwin het. MY kinders, julle het geen benul van wat EK alles moes deurmaak, sodat julle gered kon word nie. Die grootste pyne en die leed van eensaamheid was MY spys en dit was bitter swaar om te dra. MY kindertjies wat EK so liefhet, EK het dit gedoen omdat EK geweet het dat daar niemand was wat nog ooit geleef het en nog sou leef wat dit kon dra nie en daarom het EK MY-SELF in 'n menseliggaam kom hul, om so die las vir julle te kon dra. Daar is baie wat dit nie waardeer nie en wat dit afmaak as die grootste nonsens denkbaar en EK het dit ook geweet terwyl EK daar aan die kruis gehang het, maar dit het MY nie afgeskrik nie en EK het gesterf vir almal wat van MY verlossingsdaad gebruik wil maak. Dit is die rede dat EK daarmee volgehou het, al was en is daar nog steeds díe wat MY bespot. Dink daaroor na, gedurig en julle sal liefde vir MY in julle harte ondervind en EK sal alles aan julle bekend maak in verband met MY kruisiging. Aan die wat MY liefhet, sal daar niks geheim gehou word nie en EK sal alles ongesluierd aan julle gee. Wees maar net rustig, al val alles om jou inmekaar en vertrou net op MY, want as EK die dood en die satan kon oorwin, is dit vir MY net so maklik om julle in die grootste natuurkatastrofe veilig te bewaar. MY kinders, in MY sterwensuur het daar baie dinge deur MY gedagtes geflits en een daarvan was die komende rampe wat die aarde gaan tref. Met nuwe moed het EK weer verder die las gedra, omdat elke een van julle wat nou hier lees en wat MY liefhet se gesigte voor MY oë opgedoem het. EK kon elke een van julle sien in die groot nood wat julle gaan beleef en dit het MY Vaderhart verteder en EK wou die las tot op die einde vir julle dra. Dink nie dat julle net per toeval op hierdie oomblik op die aardbodem is nie en weet dat dit alles in MY Heilsplan ingewerk is. EK het geweet wie vir

MY gaan stry aan die einde van tye en het daarom net die regte mense vir hierdie tyd op die aarde geplaas. Dink daaraan as jy weer nutteloos voel en weet - EK sal jou ook nog gebruik, want EK laat nooit ‘n behulpsame arbeider nutteloos rondsit nie. Kom bied jou dienste vir MY aan en EK sal julle elke een gebruik om te help om MY koring af te haal. Dit is dan die eerste hoofstuk van “***OP GOLGOTA 2”*** en EK wil graag hê dat julle hierdie brood van MY ook opeet soos wat julle al MY ander Brood, gebring deur elke gewillige “pakdonkie” van MY, opgeëet het.

Amen.

# Hoofstuk 2

***5 Jan. 2008 07. 17***

Daar was ‘n tyd dat EK tussen die mense rondgeloop het en wonders gedoen het en hulle genees het van al die siektes van die vlees en die siel. Daar was egter ook ‘n tyd dat EK MYSELF heeltemal onttrek het van almal en eenkant het EK en MY dissipels in ‘n afgeleë huis gaan bly, sodat EK MYSELF gereed kon kry vir die groot en bittere las wat EK sou moes dra. Deur die afsondering, het EK MYSELF versterk deur die hele tyd MY oog onophoudelik op MY VADER ter rig. Dit kan julle nie nou heeltemal verstaan nie, aangesien julle al verstaan dat EK en MY Vader Een was. Maar wees nie daaroor bekommerd nie, omdat alles vir julle duidelik gemaak sal word, soos Ons met die boek vorder. EK het MYSELF heeltemal onttrek en nie eers meer MY liggaam so baie met voedsel versterk soos in die verlede nie. Dit was om MYSELF te suiwer van alle dele wat nog in MY liggaam gesit het en wat moes uit, voor die groot kruis wat EK moes dra. EK het al ook aan julle gesê in die boek ***Die bevryding,*** dat julle julleself liewer moet weerhou van lekkernye en EK sê dit nou weer vir julle, omdat julle stryd en die kruis wat julle moet dra, ook baie naby gekom het. Lê liewer alles af wat vir julle lekker is en kom na MY in afsondering en versterk jouself met MY sodat jy staande kan bly en die stryd tot op die einde kan veg. Dit is nie iets wat EK julle vra, wat sommer is, omdat EK julle nie iets lekkers gun nie. Nee, dit is omdat EK weet wat vir julle voorlê, terwyl julle nog geen benul het nie. Dit gaan baie erg wees, MY kinders en julle kan dan nie bekostig om deur die bose sieledeeltjies in jou liggaam aangeval te word nie. Die bose sieledeeltjies manifesteer hulleself as siektes en wie kan ‘n stryd stry met ‘n siekte wat aan hom knaag? Wees MY gehoorsaam in alles en EK sal jou elke keer die regte weg aanwys. Wanneer EK julle ‘n ding verbied, is dit nie om dowe neute nie en EK sal julle ook julle plesier gun, maar in dit wat EK weet rein is vir julle. Werp alle onreinheid van julle af en kom na MY, sodat EK julle kan reinig en julle die stryd wat kom, sal kan stry en tot op die einde aan MY getrou kan bly. Die satan eis wat syne is en julle weet dat die materie die dood is.

Satan is die dood en sal daarom ook syne van julle kom eis. Wanneer julle dan teveel bose sieledeeltjies in julle het, sal satan, wanneer die stryd op sy felste is, sy deel kom eis en dit sal julle dan verswak en julle nie in staat stel om die stryd tot op die bitter-einde vir MY te kan veg nie. Weerhou jouself van die gebruik van teveel suiker en vermy elke lekkerny wat op die winkelrak te koop is en wat nie dien om jou te versadig nie. EK sal julle van spys voorsien in die tyd van nood, maar nie van sjokolade en roomys nie. Dit is iets wat julle liewer nou moet aflê, sodat julle nie belus-tig sal word op die verkeerde tyd nie. Kom na MY en EK sal jou help daarmee, want EK weet dat satan homself deeglik met julle versondig het, toe hy gesorg het dat lekkernye op die winkelrakke te voorskyn gekom het. Dit is nie uit MY uit nie en is nog ‘n rede dat die mense soveel siektes ondervind. Die bose sieledeeltjies in die lekkernye is uiters boos in hierdie tyd en wil julle graag onrein maak, sodat julle nie die stryd kan maak tot op die einde nie. Wees daarom gewaarsku en weerhou jouself noual daarvan, so-dat EK jou met MY Brood kan versterk.

Amen.

# Hoofstuk 3

***6 Jan. 2008 06: 15***

EK het MYSELF laat kruisig en daarom kon julle gered word. Dink ‘n bietjie daaroor na en besef; as jy jouself kruisig, kan jy ook iemand anders red. Jy kan een met MY word en daardeur jouself kruisig, sodat MY Gees in jou ander kan red deur jou werk hier op aarde. Is dit nie ook ‘n onbaatsugtige daad wat jy aan ander bewys nie? Deur Een met MY te word, word jy vervul met krag en wysheid en jy sal presies weet hoe om te werk te gaan met die persoon voor jou en jy sal die regte metode gebruik om hulle harte aan te raak. MY kinders, vergeet van jouself en die liggaam wat jy so graag wil behaag en kom na MY. Baie haastig en met spoed. EK het al aan julle gesê dat julle die liggame moet kruisig en dat julle selfverloëning moet toepas, maar wat beteken dit regtig alles? Is dit nie die verloëning van die liggaam in alles wat vir hom lekker is nie? Baie mense is vies vir my skryfkneg oor die hoofstuk oor die wellus in die boek “Maak en Breek”, terwyl hulle niks verstaan wat EK daarmee probeer sê het aan julle nie. Hulle gooi klippe, terwyl hulle nie ‘n idee het van wat EK bedoel nie. Al wat hulle daarin raaksien is dat hulle nie meer iets mag doen waaraan hulle so gewoond geraak het nie en dat hulle nou baie swaar gaan kry sonder dit. Wel, EK wil vir julle sê dat daar wel mense is wat na MY stem geluister het en baie krag van MY ontvang het en nou dankbaar hulle Eenwording met MY voltooi. Aan julle wat nog aan die liggaam en sy begeertes wil vasklou, sal net dit geskied wat jy graag wil hê en jy sal baie spyt wees daaroor omdat jy dan nie soos jou getroue broers wat na MY Stem geluister het, beloon sal word nie. Ek belowe baie aan die wat hulleself laat kruisig en na MY kom om vernuwe te word en daarom spoor EK julle weereens aan om die wellus (die lus na enige iets waarvan die liggaam nie genoeg kan kry nie) heeltemal van julle af weg te werp. Sodra julle dit begin doen, sal julle baie vinnig begin groei, omdat al die krag wat eens in die liggaam ingegaan het, nou in die siel ingestoot word. Dit is baie soos ‘n boom wat gesnoei word en beter vrugte dra. As jy begin met die snoeiwerk, sal jy binnekort ‘n pragtige boom vol van die heerlikste

vrugte hê, maar weier jy halsstarrig om te snoei aan jouself, sal jou vrugte ook van ‘n lae gehalte wees en dit sal dan vir jou bittere hartseer besorg. Dit is dan ook die geestelik betekenis van MY kruisiging. EK het aan julle getoon dat MY hande nie meer kon doen wat hulle graag wou nie. Ook was MY voete vas gewees om nie die weg te gaan wat EK wou nie. EK is op die plek van die hoofskedels gekruisig en dit is dieselfde as wanneer julle, julle eie verstande kruisig en in julle harte begin leef. MY hart/siel het voortgeleef en nadat EK eers deur die diepste hel (pyn van die kruisiging) gegaan het, is EK verenig met MY Vader waar EK die grootste loon ontvang het vir dit wat EK opgeoffer het. Die diepste hel beteken maar net in geestelike terme dat EK die dood moes oorwin voor EK Een met MY Vader kon word. MY kinders, julle wat hier lees, moet ook eers die dood oorwin voor julle Een met MY kan word. Oorwin die liggaam want dit is die dood! En dit sal dan vir jou die eenwording met MY besorg. Menige mense wil maar nie die aardse los nie en hardloop herwaarts en derwaarts om die liggaam te versorg en besef nie dat hulle besig is om ‘n dooie stuk vlees te behaag nie. *(Kyk na die stuk oor die vrou en die lyk in “Geesteservarings” en ook waar ek met Jahshua sit en my arms verbrand is. Louise)* Kyk na MY knegte in die Bybel en julle sal sien met watter krag hulle te werk gegaan het. Daar is bose duiwels uitgedryf en wonderwerke verrig en dit net alles deur MY krag wat hulle deur die eenwording met MY bewerkstellig het. EK sal elke een wat werklik ernstig is, met baie krag voorsien, sodat hy sy liggaam kan aflê en hom met MY verenig. Julle kan nie in die gees sien nie en daarom gebruik EK MY kneg om dit vir julle te vertel wat EK aan haar toon. Deur die verbranding van haar arms, bene en kop het sy alreeds een met MY geword tot op ‘n sekere punt, maar sy het nog baie dinge om te verbrand en is nog vêr van volmaak af. Baie van julle is ook al op dieselfde punt en besef dit ook nie, omdat julle nog nie in die gees kan sien nie. Strewe daarom daarna om in die gees te kan sien en EK sal jou aantoon in hoeverre mate jy al een is met MY.

Amen.

# Hoofstuk 4

***6 Jan. 2008 06: 48***

Ek sit by Jahshua en HY sê dat ek na die ooste moet kyk en ek sien ‘n son opkom. Jahshua wys my dat die son se strale die omgewing verlig en hoe hoër hy gaan, hoe meer plekke word verlig. Soos die son vorder, bly daar nie een plekkie oor wat nie deur die son verlig is nie en teen die tyd dat die son al laag sit, was alles al verlig.

**Vader dikteer:**

Soos die son wat hoog bo die hemele sit, so is EK verhoog deur die kruis wat ‘n baie lang paal was. Die lang paal het MY sodanig in die lug in gevat dat baie mense MY kon sien. Dit was in daardie dae die gewoonte om korter pale te gebruik, maar omdat hulle MY buitengewoon gehaat het, het hulle op ‘n langer paal besluit sodat EK swaarder moes dra as die ander. Ook was die bedoeling gewees dat EK so hoog as moontlik in die lug moes wees en selfs die wat vêr agter gestaan het, MY lyding kon sien. Dit was deel van die vernedering wat satan vir MY beplan het en EK is ongenaakbaar deur die satansbende op die kruis gegooi en met woede is die spykers in MY hande en voete ingekap. Die kruis is ook baie hard in die gat neergebring sodat EK daardie pyn ook moes verdra. Deurdat EK verhoog is, het hulle gedink dat EK buitengewoon verneder is, maar dit was net andersom. Deurdat EK verhoog is, is EK verheerlik en elke een kon MY reddingsdaad aan die kruis te siene kry en daar was nie eers een wat MY nie kon sien nie. Die vernedering het net die teenoorgestelde effek gehad as waarop hulle gehoop het. Kyk na die son. Is die son se strale nie skerper en feller hoe hoër die son in die lugruim in beweeg nie? En elke plekkie word deur die son verlig, elke oog kan die son sien en daar is niemand wat nie kan sien dat die son neerbak op die aardbodem nie. Dit was dan ook wat gebeur het met MY kruisiging en daar was niemand wat kon sê dat MY kruisdood nooit plaasgevind het nie. Die mense van Jerusalem het almal na MY gekyk en daar was baie wat onaangeraak gebly het

daardeur. Vele mense is, net deur na MY kruisiging te kyk, gered en het besef dat hulle Iemand gedood het wat nie van hierdie wêreld was nie. Dit was dan ook die rede van die verhoging van MY liggaam en dit het ook sy redding vir die mense tot gevolg gehad. Elke liewe “klein” dingetjie wat met MY kruisiging gebeur het, het dan ook ‘n betekenis gehad en niks het sommer net gebeur omdat dit toevallig was nie. As jy by MY bly en MY brood eet, sal jy oor elke gebeurtenis ingelig word.

Amen.

# Hoofstuk 5

***6 Jan. 2008 07: 09***

Jahshua sê vir my dat my hande en voete en verstand gedood is, maar die res van my lyf is nog nie gekruisig nie en HY vra my hoe ek my maag en bolyf gekruisig gaan kry. Ek antwoord HOM deur te sê dat ek dink dit is om lekker kos te vermy. Ek het alreeds opgehou met die eet van suiker en soetigheid, maar ek moet seker ander dinge ook begin vermy. HY sê dat ek moet eet wat ek kry en nie altyd die lekkerste kos moet maak nie. Ook moet ek nie teveel eet nie en dan sal ek my lyf ook kruisig.

*(Die kruisiging van Jahshua was nie maklik nie en so ook nie die kruisiging van die eie ek nie. Louise)*

**Vader dikteer:**

Ja MY kindertjies, MY kruisiging was baie swaar en die kruisiging van die eie ek is net so swaar, maar as julle aan die einde dink, sal julle met nuwe moed voortgaan en een met MY word. Kruisig julle mae ook. Julle moet nie lekkerbekkig wees nie en eet wat julle kry. Deur die lekkerbekkigheid behaag jy ook jou liggaam. Dit is waarom daar sekere mense is wat armoedig deur die lewe gegaan het. EK het dit self so bewerk sodat daardie mense MY in die proses kan leer ken en liefkry. Met die armoede in daardie huise kon hulle nie altyd eet wat hulle wou nie, maar wat hulle gehad het en dit was nooit baie en 'n groot verskeidenheid nie. Daardie mense wat so deur MYSELF "gekruisig" is, sal nou die vrugte daarvan pluk en dankbaar sal hulle wees, omdat hulle nou ook vinnig met MY een kan word. Baie van die onsuiwerhede wat in ander mense vassit, is nie in hulle teenwoordig nie en daarom het hulle MY dan ook dadelik herken toe EK na hulle gekom het in die vorm van MY openbarings. Dit is hoekom EK julle teen lekker eet waarsku. As julle nie honger het nie, moet dan nie eet nie. Baie van julle eet omdat dit etenstyd is, of omdat die kos lekker lyk. Moenie agter lekkerte aan eet nie en jy sal baie gou jou liggaam "verbrand" om sodoende vinniger een met MY te kan word. Dit was dan ook die rede dat gal en asyn MY aangebied is aan

die kruis. Omdat satan geweet het van alles wat EK ook nou weer aan julle sê, het hy MY met MY eie “medisyne” probeer terugkry en omdat EK almal teen lekker eet gewaarsku het, het hy MY die slegste goed denkbaar aangebied om te drink. Hy het gedink dat Ek dit sou drink, omdat EK nie omgegee het vir lekkernye nie. Die gal en asyn was ook vermeng met gif wat die senuweestelsel aantas en wat MY dan nog groter pyn sou verskaf, aangesien dit nie dadelik die dood bring nie. Maar EK het dit geweet en het nie eers een slukkie daarvan gevat nie. EK was rein tot op die einde van MY aardse lewe en daarom vra EK dit van julle ook, sodat jy heeltemal een met MY kan word. MY kinders, dit klink vir julle snaaks omdat EK die hele tyd van die eenwording met MY praat en julle kan nie verstaan waarom EK so daarop hamer nie, maar EK wil julle verseker daarvan dat julle alles sal verstaan wanneer EK julle die dag kom haal om julle finaal een met MY te maak. Daar is baie verkeerde dinge vandag teenwoordig wat julle oë verblind en dit laat lyk of EK nie waarheid spreek nie, maar EK is waarheid en kan nooit lieg nie. Die oomblik wanneer jy ten volle Een met MY is, sal jy alles kan deursien en deurvors en die grootste geheim denkbaar sal nie vir jou verborge wees nie. Dink daaraan en vertrou net op MY, want EK is die enigste een wat blinde oë kan open. EK sal julle dan alles wys en dankbaar sal jy juig in MY omdat jy dan ook die bose sieledeeltjies in die voedsel sal kan sien. Jy sal nie kan glo dat jy eens ook so daardeur bekoor was nie. MY kinders, alle vrae moet julle net aan MY rig en EK sal julle antwoord deur MY openbarings, gebring deur MY skryfknegte, gerig aan julle. Moenie jou vrae aan mense rig en by hulle om antwoorde soek nie. EK is die enigste wat jou vrae in diepste diepte kan verstaan en EK sal dit ook verstaanbaar aan jou verduidelik. Gaan daarom nie na ‘n blinde net soos jy, vir jou antwoorde nie.

Amen.

# Hoofstuk 6

***7 Jan. 2008 06: 09***

Dit is MY kruisiging wat vir julle verlossing gebring het en daarom wil EK julle weereens daarvan vertel, sodat julle dit baie goed in julle binneste kan bewaar in die tyd dat daar geen brood meer beskikbaar sal wees nie. Ja, daar is baie wat nie glo dat EK hierdie aarde gaan verwoes nie en glad nie MY skryfknegte glo wanneer EK deur hulle sê dat alles een van die dae heel anders daaruit sal sien nie. EK gaan iets nuuts doen op hierdie aardbodem en EK doen niks voordat EK nie MY volk deur MY skryfknegte en profete laat weet het, sodat julle julleself daarop kan voorberei nie. Daar sal 'n tyd kom waar niemand sal weet waar is oos en waar is wes nie, omdat alles anders om almal sal lyk. Selfs die son sal nie meer vir julle 'n baken wees nie en dit sal 'n tyd wees van bittere beroeringe en baie smart vir die wat MY woorde nie geglo het nie en die wat MY woorde bespot het. Selfs vir die wat na MY woorde geluister het en daarop ag gegee het, sal dit 'n bittere swaar tyd wees en niemand sal skotvry daarvan afkom nie. Dinge sal verwoes en vernietig word en vir elke mens op hierdie aarde sal iets verlore gaan, omdat EK julle van julle aardse goedere wil laat afsien. Gee liewer nou al alles op en wy jou tyd aan MY, sodat jy nie geskok sal wees wanneer jy dit verloor nie. EK is 'n GOD van uiterstes en wanneer EK hierdie aarde gaan besoek in MY grimmigheid oor al die ongeregtigheid, moet julle liewer deel wees van MY Sionsblom, omdat EK net MY blom gaan spaar. EK gaan MY tuin skoonmaak van al die onkruid en die vuilis wat daar tussen MY blom opgekom het. Dit sal die groot en deurlugtige dag wees waarvan daar gepraat word in die Bybel en EK sal MY woord gestand doen en nie een van MY woorde sal ongesiens verbygaan nie. Dink hieraan en kry jou lewe reg. EK is buitengewoon genadig en sal nie een wat hom by MY kom skaar laat verlore gaan nie en daarom spoor EK julle weereens daarvoor aan om in MY te lewe, sodat EK in jou kan leef en jy MY stem sal hoor wanneer EK jou na veiligheid sal roep. Daar sal redding wees in Sion en EK sal MY blom beskerm teen elke gevaar wat dreig, selfs die magtigste aardbewing sal MY roos nie

uitruk of beskadig nie. Dit moet julle altyd onthou. EK sal MY roos bewaar en deur al hierdie swaar tye op die aarde dra en sy sal groei en gedy in MY liefde, sonder dat iemand haar skade kan aandoen. EK het gepraat en wie kan teen MY stem ingaan? Daarom moet julle nie vrees nie, want niks kan julle oorkom nie en EK sal in MY genade vir julle 'n Rotsvesting wees waarin julle kan skuil teen alle gevaar. MY kinders, wanneer hierdie magtige aardbewing die aarde gaan tref, sal nie een huis onaangeraak bly daardeur nie, maar MY Sion sal bly staan, selfs al waggel die aarde soos iemand wat teveel gedrink het en in sy dronkenskap 'n slaapplek soek. Daar waar hy val, sal hy bly lê. Net so met die aarde. Daar waar die aardbewing ophou, sal die aarde stilstaan en plek-plek sal dit uiters donker wees, omdat die son se strale nie daar sal kan kom nie. Maar vir Sion sal daar 'n lig opgaan en EK sal die son wees in Sion en bly sal sy haar weg kan gaan sonder om te vrees vir die duisternis wat ander omvou. Kom skaar jou nóu by MY Sionsroos, sodat EK ook vir jou 'n lig kan wees in die duisternis wat gaan volg op die groot en deurlugtige dag van Jahweh van die leërskare.

Amen.

# Hoofstuk 7

***7 Jan. 2008 06. 29***

Deurdat die aarde gaan waggel, sal baie mense omkom en hierdie lewe laat om in die doderyk af te daal. Maar EK het MYNE daaruit gaan haal toe EK van die kruis verlossing gebring het aan die lewendes, en die dooies in die hel. Daarom sal die wat die lewe laat, ook deur MY gered word en die wat van goeie wil is, sal nie in die doderyk versmag nie. Dink nie dat iemand wat sy lewe verloor het in die aardbewing wat gaan volg, heeltemal tot in sy siel ook verlore is nie. Dit is nie so nie en EK sal ook die wat van goeie wil was op aarde, maar wat omgekom het in die aardskudding, ook begenadig. Wel sal hulle ‘n langer paadjie hê om te loop as hulle broers op aarde om MY te siene te kry, maar daar sal vir hulle ook verlossing gebring word. MYNE wat egter oorbly na die skudding, sal deur MY gedra word en EK sal elke een op die regte plek sit en vir julle ook ‘n weg maak sodat julle weer op hierdie deurmekaar aardbodem kan leef sonder vrees. MY kinders, EK sal julle nooit uit een gevaar lei net om julle in ‘n volgende gevaar te laat omkom nie en daarom sal EK vir julle sorg, al is daar niks om te eet na die verwoesting van hierdie aardbodem nie. Julle sal hierdie aarde soos sy nou is, nie weer so te siene kry nie en enige geskrifte oor die bou en vorm van die aarde, sal dan heeltemal verkeerd bewys kan word, aangesien kontinente in die see gaan wegsink en nuwes weer sal herrys. Daar sal nie ‘n teken wees van die eilande soos wat julle dit nou ken nie en met vrees sal julle julle weg oor die aarde gaan, omdat niemand meer weet waar hy kan loop en waar dit gevaarlik is nie. EK, MY kinders, sal julle egter so lei dat julle veilig oor elke nuwe fontein kan loop, sonder die vrees om weg te sink in die skielike dale wat sommer hier voor julle sal opdoem. Nog nooit was daar so iets op aarde nie en nog nooit was daar ‘n vrees vir vaste grond nie, maar in die tye wat gaan kom sal daar ‘n nuwe vrees ontstaan en dit sal wees vir vaste grond. Die vaste bodem van die aarde sal dan nie meer vas wees nie en sal sommer met die geringste gewig ingee met die persoon bo-op en hy sal dan in die dieptes inval om deur niemand gered te kan word nie. Daarom moet julle

MY julle weg maak, sodat julle op MY kan wandel, want EK is die enigste vaste en soliede weg. Dink hieraan en weet -daar is nêrens verlossing nie, behalwe by MY. Kom soek jou verlossing nóu by MY, sodat jy ook deur MY begenadig kan word en EK jou kan uitlei en jy jou weg sonder enige vrees oor hierdie aarde kan maak, sonder om in die diepe duisternis van die aardbodem weg te sink.

Amen.

# Hoofstuk 8

***7 Jan. 2008 6. 44***

EK is die weg en die waarheid en die lewe en die een wat MY sy weg, waarheid en lewe maak, sal nie nodig hê om iets te vrees nie. EK sal daardie vrees van hom af wegneem as hy MY daarom kom vra. In die tuin van Getsemané, waar EK tot MY Vader gebid het dat hierdie beker by MY verby kan gaan, het EK ook in doodsangs en benoudheid verkeer en MY groot benoudheid was omdat EK die skeiding met MY Vader gevrees het. Dit was nie die dood wat MY bang gemaak het nie. EK was nooit bang vir die dood nie. EK het dan dooies uit die grafte tevoorskyn gebring en hulle het springlewendig tussen MY ander diensknegte rondgeloop. Waarom sou EK dan die dood gevrees het? Maar die skeiding met MY Vader was iets wat EK vir niemand kon beskryf nie. Om geskei te word van MY Liefde was amper een teveel vir MY en daarom het EK in doodsangs bloed gesweet en trane gestort. MY kinders, EK het klaar vir julle daardie las ook gedra en julle sal nooit van MY geskei hoef te word nie. Nie die sonde, hel of dood kan julle van MY skei nie. Kom bely jou sonde dadelik aan MY en EK sal jou vergewe, sonder dat jy eers een sekonde van MY geskei hoef te wees. Gaan jy deur die diepste hel, sal jy nie van MY geskei wees nie, omdat EK die hel al lankal oorwin het. Vrees nie die skeiding in die dood nie, omdat EK Self jou siel uit jou liggaam sal kom haal op die regte tyd en jy jou dan dadelik in MY arms sal bevind. Daar is nie iets soos ‘n tyd wat jy alleen in die duisternis hoef te sit en versmag wanneer jy MY as jou Verlosser aangeneem het nie. Die duisternis is vir die wat na die duisternis op aarde verlang en wat hulle deel in die duisternis het. Die duisternis op aarde is die geldmag en enige weg wat nie na MY lei nie. Dit is hulle wat in die duisternis sal beswyk omdat hulle heil altyd by die dooie duister dinge op aarde was. Maar julle wat MY liefhet, al is dit net ‘n klein bietjie, het niks om te vrees nie, omdat EK julle dadelik met lig sal omstraal en jy nie jou weg deur duisternis hoef te baan nie. Kom net na MY en EK sal jou help en jou dra deur al die dinge wat nog vir jou te swaar lyk. EK sal jou met las en al optel en jou dra na veiligheid waar jy die hele tyd by MY kan wees. Dit is ‘n belofte aan almal wat bang is vir die duisternis na die dood. Amen.

# Hoofstuk 9

***8 Jan2008 06. 49***

Wees nie bevrees vir die tyd wat kom nie, want EK het daardie tyd ook al klaar oorwin soos wat EK die satan oorwin het, nog voordat EK in die diepte van die hel ingegaan het om MY mense daaruit te verlos. Julle sal verbaas wees as julle weet wat die vyand vir julle beplan en hulle alledaagse praatjies gaan net daaroor en hoe hulle julle tot in die see gaan verjaag. Dit was dieselfde met satan en hy het praatjies gemaak met die res van sy demone oor wat hy alles met MY gaan doen sodra hy MY in sy mag het. Daar was nooit vir hom ‘n tyd dat hy MY in sy mag gehad het nie, al het hy self so gedink. EK is ook nog steeds in beheer in die “nuwe Suid-Afrika”, al dink die bose dat hulle julle in hulle mag het. Die duistere magte om julle verlei die swartes met leuens en hulle is te dom om die waarheid agter die leuen raak te sien. Dit was net so met die mense wat MY gekruisig het en hulle is ook deur die bose verlei om te glo dat Ek self boos was, en dit terwyl hulle bewys het hoe boos hulleself was. In julle land gaan dit nou net so. Julle blankes word daarvan beskuldig dat julle die swartmense verskriklik onderdruk en sleg behandel het en dit terwyl dit hulle is wat julle onderdruk en soos diere behandel. Maar dit sal nie langer toegelaat word nie en net soos dit gegaan het met MY kruisiging, sal dit nou met julle gaan. Wanneer die bose dink dat hulle heeltemal oorwin het, sal hulle eers tot die besef kom van hulle groot fout. Nadat EK MYSELF oorgegee het om gedood te word en in die duistere hel neergedaal het, was satan baie spyt oor dit wat hy MY aangedoen het en hy het berou gekry, nie omdat hy MY bejammer het nie, maar omdat hy besef het dat hy die mag verloor het en eintlik nog nooit gehad het nie. MY kinders, wanneer die swartes werklik onder julle losgelaat sal word, sal hulle met helse vreugde doodmaak en martel, maar sodra hulle dink dat hulle julle finaal onder gekry het, sal EK kom met MY engele en julle red en besoeking kom doen, sodat elke liewe swarte wat sy hand teen julle gelig het, maak nie saak wanneer nie, sy geboortedag sal berou. Dit sê EK Jahshua en GOD van Abraham, Isak en Jakob aan julle, my troue oorblyfsel wat hulle nie

met die ander nasies versondig het nie. Stil het julle eenkant gestaan en nie deel gehad aan die “nuwe Suid-Afrika” nie, al het julle ook hier geleef en ‘n bestaan probeer maak onder die onderdrukking van julle volk. Maar EK sal vir julle, wat julle rein gehou het van hulle besoedeling, kom en EK sal julle kom red en elke een wat teen MY is, sal dit diep berou.

Dink daarom nie dat EK julle vergeet het nie. Die tyd is egter nog net nie ryp daarvoor nie. Maar die tyd kom al nader en sal nie meer lank op hom laat wag nie en daarom waarsku EK ‘n ieder en elk van julle, MY volk. Kom staan in MY kring, sodat MY engele ook ‘n laer om julle kan trek en EK julle, soos julle voorgeslagte by Bloedrivier, kan red. Dit sê die Vader van Sarel Cilliers aan julle, sy nageslag.

Amen.

# Hoofstuk 10

***8 Jan. 2008 7. 28***

Kom staan in MY kring sodat EK julle kan beskerm en bewaar. Dit beteken ook dat julle julle eenkant moet hou van enige sonde, omdat net die wat sonder sonde is, in MY kring kan kom staan. Daar is niemand op aarde wat nie sonder sonde is nie en niemand is volmaak nie. Nie eers die mense wat MY woord aan julle bring, is sonder sonde nie en hulle almal besef hulle onreinheid, maar net die besef van die onreinheid in julle, is al genoeg dat EK MY genade oor julle kan uitgiet en daarom sê EK dat net die reines in MY kring kan kom staan. Kom bely jou sonde en jy sal rein wees. Al is dit net voor die groot dag wat gaan aanbreek. MY kinders, langs MY aan die kruis op Golgota het daar ook 'n gekruisigde gehang wat in sy lewe baie sondes gedoen het. Roof en moor was sy lewe en dit was vir hom ook 'n doring in die vlees om iemand te sien met meer besittings as hy en daarom het hy geglo dat hy net die mense moes verlos van hulle besittings, sodat hulle darem nie meer as hy moet hê nie. Hy en sy vriend wat ook saam met MY gekruisig is, het dikwels spottenderwys na die rykdom van ander verwys as "oorbodig en net 'n las" vir hulle en daarom deur hulle twee daarvan verlos moes word. Aan die kruis het hulle dan ook gely, al is hulle nie so deur die kruisigers gemartel nie. Daar aan die kruis het die een roofmoordenaar dan tot die besef gekom van sy groot sonde en het gewens dat hy net weer een kans kon kry om sy lewe oor te leef en te verbeter. Hy het werklik berou gehad oor sy sondes en was diep in homself gekeer terwyl hy tog die God van die Hebreërs aangeroep het. Hy het gedink dat daar nie werklik 'n God bestaan nie, omdat die tempel met hulle onreinheid voortgegaan het sonder om gestraf te word, maar het gedink aan die verlossing uit Egipte en die see wat EK vir MY kinders oopgemaak het. Daardie God het hy stil in sy binneste aangeroep en om vergewing gevra en het diep berou gehad, omdat hy tog nie heeltemal sonder liefde soos sy vriend was nie. Sonder enige berou en met spot het die rower hier langs MY aan MY gesê om ons al drie van die kruis af te red, omdat hy wraakgedagtes in sy binnekant gekoester het en hierdie kruisi-

gers van hom leed wou aandoen as hy daar sou afkom. Maar sy vriend het hom berispe en gesê dat hy nie moes spot nie, omdat EK geen sonde gedoen het nie, maar hulle die dood verdien het. Hy het geglo dat EK Jahshua was en dat alle mag uit MY was, omdat hy gesien het wat tydens MY kruisiging gebeur het en ook omdat hy geweet het dat die tempel die enigste God gehaat het. Die haat van die tempel jeens MY was dan ook die rede van sy oortuiging dat daar werklik 'n GOD bestaan het, maar nie die god van die tempel nie. Hy het MY dan ook daar om vergifnis gevra en gevra dat EK aan hom moes dink wanneer EK in die paradys kom. Hy is dan ook net daar deur MY vergewe en is in MY ryk opgeneem waar hy nog vandag is. MY kinders, kom vra net om vergifnis en EK sal nie jou sondes teen jou hou nie. Selfs nie eers die grootste sonde sal teen jou gehou word nie en jy sal rein wees deur MY bloed wat ook vir jou gevloei het. Geen mens het die ewige lewe verdien deur sy dade nie, maar slegs deur MY genade alleen. Dit is iets wat julle altyd moet onthou. Moet nooit na iemand kyk en dink dat hy gered is net omdat hy na 'n goeie mens lyk nie. Dit is die hart wat tel en of daardie persoon MY werklik liefhet. Die hart wat MY om vergifnis kom vra, is die hart wat EK wil hê. Kom nou en kom vra om vergifnis en moenie dink dat jou sonde te groot is nie, omdat MY bloed baie kragtig is. Niks kan bly staan as EK jou gewas het nie. Wanneer jy dink dat jou sonde te groot is, word MY bloed eintlik deur jou as onmagtig verklaar en dan doen jy nog 'n sonde deur MY te verkleineer. Dink daaraan dat die man aan die kruis 'n paar uur voor hy gesterf het, sy hart aan MY gegee het, deur om vergifnis te vra en daardeur is hy gered, nie deur sy dade op aarde nie, want dit sou hom die hel gegee het. Maar deur die vergewing van sondes, kan julle almal gered word, maar dit moet uit 'n berouvolle hart kom, sodat jy nie nog sonde op jou sonde laai deur geveinsd te wees nie. Kom nou na MY wyduitgestrekte Vaderarms en kom was jou rein in MY bloed, want net EK maak rein.

Amen.

# Hoofstuk11

***9 Jan. 2008 06: 37***

Weereens wil EK julle almal aanraai om so spoedig as moontlik julle weg na MY te vind waar EK julle teen MY bors wil vasdruk. Gee alles oor in die wêreld en kom skaar jou by MY, sodat EK jou kan beskerm en red. MY kinders, los die wêreldse dinge vir die wêreld en die wêreldling en kom na MY. Gee alles in MY hande oor en EK sal alles vir jou beskik en jou deel sal jy kry van dit wat jy nodig het, maar kom uit die wêreld met haar lokkende rykdomme. Laat dit alles agterweë en volg MY. Weet julle dat daar mense was wat dit werklik gedoen het tydens MY lewe op aarde? Hulle het al hulle geld en besittings net so agterweë gelaat en MY gevolg. Dit, MY kinders is wat EK van elke een van julle ook vra. EK is die beste bestuurder en EK sal jou sake vir jou reël. EK sal sorg dat jy genoeg werk het om jou rekeninge te betaal en dat jy kos het om te eet. Moenie gaan soek vir geleenthede waar jy jou inkomste kan vergroot nie. Dit sal jou dieper in die wêreldsee intrek en jy sal dan nie jou weg na MY strand maak waar jy veilig sal vasmeer nie. Dink daaraan dat EK nog niemand wat op MY vertrou het, van die honger laat omkom het nie. EK sorg altyd en as die kraaie vir Elia kos aangedra het, kan EK hulle vir jou ook stuur. MY kinders, die einde van tye is op hande en daar is nie meer tyd oor om jouself in wêreldse dinge te stort nie. Wy elke oomblik aan MY en jy sal verbaas wees hoe die seëninge in sal stroom, omdat jy MY bo alles stel. EK weet dat daar baie van julle is wat nou hier lees en wat dit nie regtig wil waag nie, maar Ek wil net sê: "Wie nie waag nie, wen nie!" EK is die mees veiligste Waagstuk wat jy kan kry en jy sal veilig op aarde en in die hiernamaals wees en baie goed versorg ook. Gee alles aan die arbeid vir MY op en jy sal niks kortkom nie. Dit is nie leë beloftes soos die wêreldse sakebedrywe nie, My beloftes hou altyd nog meer in as wat jy ooit kan raai. Maar jy moenie daaraan twyfel nie en jy sal net voorspoed hê. Onthou, MY voorspoed is nie dieselfde as die voorspoed van die wêreld nie en jy sal miskien nie 'n mooi voertuig hê om mee te ry nie, maar jy sal verseker die ewige lewe hê en wat kan dan meer voorspoedig wees as dit? Wees nie be-

sorg oor mooi voertuie en huise nie, want dit is die bekommernisse van die wêreldling. Jou enigste bekommernis is om jou skippie veilig te laat vasmeer. My kinders, as EK jou skippie vir jou stuur, het jy ook nie eers daardie bekommernis nie en daarom sê EK dat jy geen bekommernis het as jy alles in MY hand los nie. Sorg net dat jy MY liefkry, wat baie maklik is, en jy is geholpe tot in MY ryk. Doen net alles wat EK julle beveel en julle sal heeltemal veilig in ‘n stormagtige see vaar, terwyl die wêreldling op die bodem sal sit en nooit sy weg na MY vind nie. Bid vir hulle, MY kinders, sodat hulle sal besef waar hulle is en ‘n daadwerklike poging sal aanwend om ook na My te kom. Dit sê EK nou vir almal wat wêreldse probleme ondervind en nie weet wat om daarvan te maak nie.

Amen.

# Hoofstuk 12

***9 Jan. 2008 07: 01***

Daar aan die kruis het ‘n loflied verrys uit My bors wat op en neer gedein het soos wat EK probeer het om asem te skep. MY kindertjies, EK kon nie MY longe vol lug skep soos julle wat nou hier sit en lees nie. Dit was die mees verskriklikste pyne wat deur MY liggaam gegaan het en terwyl EK na asem gehyg het, het EK MYSELF besig gehou met ‘n loflied aan MY Vader met wie EK verenig is net daarna. Deur die kruis wat EK moes dra, was MY hande stukkend, omdat hulle die houte so ru as moontlik geskaaf het. In elke opsig het hulle die weg vir MY probeer bemoeilik, tot in so iets “kleins” soos die splinters wat in MY hande ingesteek het. Daar was hoegenaamd geen genade vir MY nie en julle moet ook geen genade van die bose en sy magte verwag nie. Nadat Ek in die lug gehys is, het die pyne dan ook vererger, deurdat EK gehang het aan MY skouers wat uit potjie gegaan het en daardie pyn sal enige iemand verstaan wat al so ‘n besering opgedoen het. Al verskil tussen MY en ‘n beseerde was dat EK die hele tyd tot MY dood aan MY skouers moes hang terwyl iemand wat so beseer is, dadelik deur iemand gehelp word. Die pyn van MY deurboorde hande en voete was so erg dat EK gevoel het EK raak duiselig, maar EK het aangehou met lof in MY hart. Die hoeveelheid bloed wat EK verloor het, was so baie dat niemand kon glo dat daar ‘n lewende mens was wat soveel bloed gehad het nie. Maar EK is die Verlosser en daarom het EK meer bloed gehad, sodat EK die hele mensdom wat dit wil gebruik, kon verlos het. MY bloed het tot diep in die aarde ingevloei waar dit ook daar verlossing gebring het. Julle sal baie dinge nie nou kan verstaan nie, maar soos wat julle siele meer rypheid verkry, sal julle dinge begin insien en verstaan. Daar is baie dinge rondom MY kruisiging wat vir julle nog duister is, maar EK sal alles vir julle opklaar en julle sal dit met julle harte verstaan en nie julle verstande, soos nou nie. Sien die beeldspraak hierin ook raak, want daarin lê baie waarhede versteek. Luister na MY stem in jou hart wat jou sal leer en jy sal baie meer verstaan as wat jy vroeër kon. Dink aan MY met liefde en julle oë sal oopgaan. En tot hiertoe oor MY krui-

siging vir vandag. Gaan oordink hierdie paar dinge wat EK julle ingegee het vandag en EK sal die brood van die Lewe weer verder aan julle gee.

Amen.

# Hoofstuk 13

***10 Jan. 2008 7: 00***

Terwyl die mense wat MY gekruisig het onophoudelik gelag en gejubel het omdat hulle nog iemand doodgemaak het, was daar die wat net daar rondgestaan het en baie verslae en hartseer was. MY kinders, julle het nie ‘n benul van dit wat hulle alles gadegeslaan het nie. Dit het hulle binneste gebreek en met nuwe oë het hulle na mense gekyk. Hulle kon nie glo dat iemand so wreed kon wees nie en was verpletter in hulle binneste. Nadat almal weg is, het daar nog van MY mense rondgestaan en wou MY liggaam hê. Dit sou nie normaalweg aan hulle toegestaan word nie, maar in hierdie geval was hulle maar te bly om van MY liggaam ontslae te wees en dit is aan hulle toegestaan. Hulle het MY liggaam met groot weemoed van die kruis afgehaal en stadig in doeke toegedraai. Te bang dat hulle MY verder sou seermaak, al was EK toe alreeds nie meer in MY liggaam nie. Groot trane het hulle gestort en met groot verdriet het hulle MY liggaam na die grafkelder gedra. Daar was nie baie van MY mense meer teenwoordig nie en die meeste is al vroeg weg sodat hulle nie MY sterwensuur gesien het nie. Al MY dissipels was ook nie daar nie, omdat hulle gevrees het vir hulle lewens. Net MY Johannes was daar en het ook gehelp om MY liggaam van die kruis af te haal. Julle kan julleself indink hoe dit moet voel om ‘n geliefde so te moet sien ly en dan nog na die tyd sy verskeurde liggaam te moet hanteer ook. Dit is deur MY aan hulle toegestaan, sodat MY liggaam nie deur die kruisigers ontheilig sou word nie. Daar is met spoed, maar tog baie versigtig met MY liggaam te werk gegaan, omdat dit die aand voor die sabbat was en hulle na hulle huise moes keer. Dit was ‘n reël in daardie tyd dat almal in hulle huise moes wees voor die sabbat aangebreek het. MY dissipels het wel nie meer die sabbat gevier soos die ou Judeërs nie, maar wou tog nie nog moeilikheid met die tempel hê op die dag van MY kruisiging nie. Hulle almal was tot die dood toe uitgeput na die dag se gebeurtenisse en wou net tot ruste kom en na hulle huise gaan waar hulle hulle groot hartseer alleen wou dra. Nadat MY liggaam in doeke toegedraai was en hulle op pad was na die graf-

kelder waar hulle MY liggaam wou gaan neerlê het, het daar van die Fariseërs aangestap gekom en wou met MY mense raas omdat dit alreeds sterk skemer was. Hulle het dit gate uit geniet om MY liggaam in hulle hande te sien en het gedink dat hulle nou alle mag in hulle hande het en dat hulle MY mense sou beboet en straf vir die “sonde” teen die tempel en die sabbat. Maar hulle het nie gedink dat MY GEES nog gelewe het nie en is met ‘n donderslag uitmekaar gejaag nog voordat hulle eers een woord met MY mense kon wissel. EK wou hulle beskerm teen hulle en het geweet dat hulle nie lus gehad het om in ‘n gesprek met die tempeldienaars te wees nie. Dit het die fariseërs heeltemal onkant gevang en hulle het hulle stom geskrik. Nie een van hulle kon verder praat vir die res van sy lewe nie en het stil in hulle binneste ook geword. Daardie drie fariseërs het terug gegaan en kon aan niemand vertel wat gebeur het nie. Ook was hulle te geskok om selfs te skryf, wat hulle wel kon doen. Hulle is later deur die ander fariseërs as mal afgemaak en is oneervol uit die tempeldiens ontslaan waar hulle ‘n armoedige lewe gelei het en ook later na MY gekeer het. Hulle het na MY dissipels gegaan, maar kon nooit genees word van hulle stomheid nie. Wel is hulle harte genees en hulle het na MY gekeer en is ook deur MY gered. Dit is hoe EK ook MY kinders beskerm teen mense wat van teveel praatjies hou. MY kinders, hou julle monde dig toe en praat net wanneer dit nodig is, sodat julle nie ook sonde op julleself laai nie. Baie keer sê julle iets wat heeltemal ongepas is en dan berou jy dit later, maar die skade is klaar aangerig. In hierdie geval was die fariseërs nie lus vir skinderpraatjies nie, maar hulle praatjies was op die verkeerde tyd en met die verkeerde ingesteldheid. Dink daarom ook voordat julle praat en wees eerder stil en luister na MY stem binne jou. EK sal jou aansê wanneer om te praat en wanneer om stil te bly.

Amen.

# Hoofstuk 14

***10 Jan. 2008 7: 24***

In en om die grafkelder was dit stil en geen mens kon dit sien of hoor nie maar daar was geeste wat oor MY liggaam gestry het. Die bose wou MY liggaam oorneem en daarmee wou hulle die mense mislei het om verkeerde dinge te doen. Julle wonder nou hoe hulle dit met so 'n geskende liggaam kon doen, maar EK sê vir julle dat die satan ook die mag het om gesond te maak. Baie van julle weet nou al van sekere "geloofsgeneeshere" wat mense in "MY Naam" genees. MY kinders, as julle nie wakker is nie, sal julle deur hulle mislei word en dan val julle baie diep in die duisternis in. Die sogenaamde geloofsgeneeshere doen hulle genesings in die naam van satan en genees net die mense se liggame en nie hulle siele nie. Hulle siele word dan onherroeplik geskaad en hulle (die bose) het dan 'n houvas op daardie mense totdat hulle besef wat aangaan en die satan deur MY verjaag word. Dan keer daardie siekte oombliklik weer terug en die mens besef dan dat die bose hom nooit genees het nie. EK genees eers die siel en die siel genees dan self die liggaam. Wanneer daar 'n siektetoestand ontstaan, sal die siel ook daaronder ly, omdat die siel eerste siek geword het en dan die liggaam aangetas het. EK genees volkome, terwyl satan net die liggaam genees sodat hy 'n houvas op daardie siel kan hê. Dit was dan die doel met MY liggaam ook en hy wou my liggaam tydelik hê, sodat hy MY mense op 'n baie slinkse manier kon oortuig dat hulle verkeerde weë moes volg. Dit is nie aan hom toegestaan nie en om daardie stil grafkelder het oorloë gewoed wat nie deur die fisiese oog van die mense waargeneem kon word nie. EK het dit nie toegelaat nie en daarom het satan nog in meer woede ontvlam wat hy natuurlik nie op MY kon uithaal nie, maar op sy demone. Die demone is verskriklik deur hom gemartel en hy het met alle wraak op hulle neergekom. MY kinders, in vandag se tyd is daar ook so iets soos 'n bose gees wat in 'n dooie se liggaam in kan gaan en dan die mense om hom/haar kan verlei tot groot sonde, omdat die mense dan daardie persoon glo. Gewoonlik is die persoon wie se liggaam dit was, 'n baie groot gelowige en baie mense het dan ook

na daardie persoon geluister omdat hy/sy naby aan MY geleef het. In daardie geval het EK net die mens kom haal en niemand was eers bewus van die heengaan van daardie gelowige nie. Julle almal weet dat iemand wat nie verknog is aan sy liggaam nie, sommer net uit die liggaam kan stap as EK hom/haar roep en daarom nie ‘n dood sterf wat pynlik is nie. Sodra daardie persoon dan uit sy liggaam uitgestap het en die lewelose liggaam dan agterbly, word die liggaam deur ‘n bose gees oorgeneem en die persoon wat julle dan aansien as die gelowige, is dan nie meer dieselfde mens nie. Die liggaam bly dieselfde, maar die gees daarbinne is die van ‘n bose en hy kan dan groot skade aanrig. Ongelukkig weet amper niemand van so iets nie en daarom kan satan dit baie maklik gebruik om mense te verlei. Maar MY kinders, julle moet MY GEES in julle hê om te kan onderskei tussen die ware en die valse en daarom is dit nodig vir julle om die hele tyd by MY te skuil en MY lief te hê, sodat jy van dinge bewus sal wees waarvan die wêreldling niks kennis dra nie. EK het dan ook toegelaat dat dit met ‘n profetes en haar seun gebeur en dit het al ‘n paar mense verlei en hulle glo nog steeds daardie persoon. Die dinge wat deur daardie vrou gesê word, is lankal nie meer van MY af nie, maar díe wat MY GEES het, het by MY die waarheid ontvang en kon deur die skelmstreke van die satan kyk. Glo niemand nie, MY kinders, maar glo MY en kom vra voordat jy enige openbarings lees. EK gebruik MY skryfknegte, maar julle moenie van hulle iets probeer maak nie en glo dat hulle alleen al die antwoorde ken nie. Hulle is ook maar net mense en kan ook foute maak as hulle self ‘n uitspraak moet maak. Kom daarom net na MY en EK sal jou al die antwoorde gee. EK sal jou ook antwoord deur MY skryfknegte, maar die Gees in jou sal jou sê of dit die waarheid is of nie. Ken ook die boom aan sy vrugte. `n Boom wat liefdevol is, sal liefdevolle vrugte dra en ‘n boom wat vol haat is, sal mense agter hulle rûe beswadder en alles wat hulle doen afmaak as verkeerd. Glo dit MY kinders, omdat daar baie dinge is waarvan julle nie kennis dra nie. Daar is baie snaakse dinge om julle aan die gang en niemand kom dit agter nie. MY kinders, EK is sag en MY kinders en MY ware diensknegte is ook sagmoedig. Kyk na die mense wat deur MY gebruik word en as hulle nie die vrugte van die GEES dra nie, is hulle nie uit MY nie. Vermy hulle

dan en kom soek na MY ware diensknegte, sodat hulle aan julle die woord onvervals kan gee. Maar dit lê ook by elke een afsonderlik om MY te kom soek en die onvervalste woord van MY alleen te ontvang, sodat almal dit direk van MY kan kry. Daarom maan EK julle om ook die innerlike Stem te soek sodat niemand julle kan verlei nie, omdat EK dan met MY GEES alles vir julle self gee en daar dan niks vals kan uitkom nie.

Amen.

# Hoofstuk 15

***11 Jan. 2008 06: 24***

Daar het groot konsternasie geheers toe EK na Golgota aangestap gekom het met die ruwe kruis op MY rug en baie moeg en uitgeput het EK op ‘n punt gekom waar EK amper inmekaargesak het weens die swaar las op MY skouers. Terwyl die hele skare van mense agter MY ook tot ‘n halt gekom het, het EK net daar in die pad gestruikel en ‘n bietjie gerus. Dit was daar dat iemand ‘n lap aan MY gegee het om die sweet en bloed van MY gesig af te vee. Dit was die dogter van ‘n vername man en sy het amper met haar lewe daarvoor geboet. Die soldate het met nuwe ywer op haar toegesak omdat hulle haar dan ook wou slaan weens die goeie daad aan MY bewys. Die goeie dade wat iemand aan MY bewys word nooit deur MY afgewys nie en EK het die doek by haar gevat en MY gesig daarmee afgevee. Vandag bestaan daar gerugte dat die doek gevind is en dat hulle die bloed daarop kon sien, maar dit is nie die waarheid nie, aangesien die doek saam met die meisie se huis vernietig is in die groot brand wat daarop gevolg het. Die dienaars van satan het etlike jare daarna al MY kinders aangeval en al hulle eiendom vernietig en so het hulle dan ook tot hulle einde gekom deur vir MY te ly. Maar die goeie daad wat sy aan MY bewys het, deur MY ‘n doek te gee waaraan EK MY gesig kon afvee, het EK onthou en sy is deur MY daarvoor beloon. Sy het baie gewaag om deur die menigte van satansdienaars te loop en na MY te kom. MY kinders, dit is wat EK van elkeen van julle ook wil hê. Kom na MY in die aangesig van gevaar en al lyk dit of die vyand die oorhand oor julle het, moet julle MY nie verloën nie. Staan by MY, al kan julle MY nie sien nie en EK sal by julle staan. EK sal julle beskerm soos wat EK haar ook beskerm het en niemand het gewaag om ‘n hand teen haar te lig nie, omdat EK hulle almal mat ‘n lamheid geslaan het, totdat sy weer teruggegaan het. Selfs nie eers daardie lamheid kon hulle van stryk afbring en laat wonder oor hierdie “misdadiger” wat hulle so gemartel het nie. Met nuwe ywer het hulle voortgegaan om MY te martel en aan te jaag tot op Golgota waar hulle MY aan die kruis vasgepen het. Dit is wat EK vandag vir julle wil tuisbring,

sodat julle nie sal struikel as daar gevaar naby is en MY verloën nie. Daar sal nog tye in elke een se lewe kom dat hy MY openlik moet bely of ‘n goeie daad aan een van MY kinders sal moet bewys en dan sal hy dit ten tyde van groot gevaar moet doen. Julle weet nie wat die satan vir julle beplan tydens die regering van die Antichris nie en daarom sê EK dit noual vir julle, sodat julle kan sterk word in MY. Daardie meisie het MY bo alles liefgehad en daarom was die gevaar nie eers vir haar ‘n bedreiging nie. Sy het ook háár lewe op die spel geplaas, sodat sy MY kon help. Dit is deur MY vergoed en waar sy nou is, juig sy oor daardie enkele bewys van liefde, gedoen aan MY. Gee van jouself en jy sal dit meer as dubbeld terug ontvang. Gee jouself onvoorwaardelik aan MY en EK sal jou vergoed daarvoor en woorde sal nie eers kan beskryf wat EK aan jou sal gee daarvoor nie. MY kinders, werp alles in die stryd en kry MY nou lief, want in die tyd dat die satan die oorhand gaan hê oor julle en julle baie onderdruk, gaan daar nie tyd wees vir julle om MY dan eers te kom soek en lief te kry nie. Dink nou in die rustige tye daaraan en weet dat die tye nie meer vêr is nie. Dink nie aan jou liggaam wat tog in elk geval tot niet gaan nie, maar dink aan jou siel wat ewig hierna sal leef of in die poel van duisternis kan beland.

Amen.

# Hoofstuk 16

***11 Jan. 2009 07: 19***

MY kinders, luister na MY vermanings en weet dat dit die waarheid is. Niemand sal MY Naam verkondig wat MY nie werklik liefhet nie, maar in die wêreld is daar baie valse leraars wat MY Naam ter wille van geld en aansien verkondig, maar dit is halwe waarhede wat verkondig word, omdat hulle die vader van die leuen het wat hulle voorskryf. MY kinders, daar is baie maniere om die leuendienaars te herken en een daarvan is die smag na rykdom en roem. Let maar op, as iemand sê dat hy MY dien en ‘n leraar is in MY Naam, sal hy nie in prag en praal lewe nie. Daar sal nie by hom ‘n oorvloed van geld wees nie en armoede sal ook by hom algemeen wees. Moenie iemand glo wat in “MY Naam” predik, maar die beste voertuie en klere besit nie. Die norm vandag is om ‘n predikant te word en dan baie geld daaruit te maak. MY kinders, as EK aan MY dissipels gesê het om niks saam met hulle te neem nie en EK dan self geen geld saam met MY gedra het nie, waarom sal EK dan vandag se “leraars“ die reg gee om net die beste te hê? Dien MY in eenvoud en daar is EK te vinde, waar iemand MY dien, ten spyte van die feit dat hy geen geld daarvoor ontvang nie. MY kleintjies, EK is nie die Vader van aardse rykdomme nie en dit is nie uit MY uit om iemand met aardse besittings te oorlaai sodat hy ‘n lewe van niksdoen kan geniet nie. Die mense wat wel finansieel deur MY geseën is, sal ook weet wat om met hulle rykdom te doen en sal dit aanwend vir die verspreiding van MY woord en om ander te help. EK sal nie iemand wat MY liefhet seën sodat hy homself kan geniet en van die ander om hom vergeet nie en daarin kan julle sien wie MY liefhet en wie nie. Die man wat ook daarvan hou om voor te staan en in alles die voortou te neem sodat almal hom kan ken as die man van GOD, is ook ‘n valse leraar, omdat EK altyd self nederig was en baie keer het EK MY dissipels aangesê om die mense te leer en dit terwyl EK SELF stilgebly het. Daar was by MY geen hoogmoed te vinde nie en EK het nooit MYSELF bo ander verhef en altyd die grootste mond gehad nie. In eenvoud het EK MY gang gegaan en baie mense wat na MY gekom het, kon MY nie tussen

MY dissipels uitken nie, omdat EK ingetoë en nederig was. Dink daaraan as julle weer iemand vind wat homself as MY dienaar aan julle voorstel en sê dat hy ‘n “dominee” is. MY kinders, self het EK geen titels agter MY Naam gesit nie en waarom sal EK dan vandag die mense beveel om titels agter hulle name te sit? Baie van hulle beweer dat dit vir hulle dan makliker is om met mense te praat en so MY Woord te verkondig, maar MY GEES is die EEN wat vir hulle die deure na mense se harte moet oopmaak, nie hulle titels nie, want dit maak die mense se verstande oop en nie hulle harte nie. EK wil uit die hart gedien word en nie uit die verstand nie. MY kinders, gee julleself aan MY oor en MY GEES wat julle dan sal vervul, sal julle in staat stel om MY Woord met sukses aan ander te verkondig. Geen titel word deur MY erken nie en geen mens kom deur sy meriete op aarde in MY koninkryk nie. Dit is alleen die liefde in elkeen se hart wat hom in staat stel om na MY te kom en in MY koninkryk opgeneem te word. Daarom moet julle nie opkyk na iemand met ‘n titel agter sy naam, of met rykdom en roem of enige iets dergeliks nie, maar kyk na MY en EK sal julle in staat stel om die ander persoon wat hier voor jou staan as waar of vals af te maak. EK sal jou in jou hart ‘n antwoord gee en jy sal dan weet wie om te glo en wie nie. EK sal altyd in liefde kom en MY dienaars ook en die een wat met “goddelike donder” kom is dan nie uit MY nie. EK sal met liefde julle harte aanraak, terwyl die een wat uit homself kom, met mooi klinkende woorde en gesegdes kom om julle van sy “goddelike missie” te oortuig. Luister nie na dit nie, want die slang sal ook met mooi klinkende woorde sy prooi probeer vang. Dit sê EK aan julle om julle te waarsku en nie om mense teen mekaar op te maak nie. MY kinders, julle moet wakker wees en MY Stem in julle binneste soek, sodat EK julle Self kan waarsku en julle sal dan nooit ‘n fout begaan nie. EK het julle so lief en wil julle daarom van valsheid bewaar. Enige valsheid is vir MY ‘n gruwel en daarom moet julle, julle van enige valsheid weerhou, al is dit net ‘n valse glimlag aan jou naaste. Dit is MY Woorde aan julle en oordink of jy nie dalk ook vals is in enige manier nie, en werp dit van jou af, sodat satan nie sy kloue op so ‘n manier in jou kan slaan nie. Al MY Liefde aan julle, MY verlore skapies wat EK weer vergader. Amen.

# Hoofstuk 17

***12 Jan. 2008 22: 21***

Terwyl EK in die tuin van Getsemané gebid het en gevra het of die beker van droefheid nie by MY kon verbygaan nie, het twee van MY dissipels 'n ent van MY onder 'n boom gesit. EK het hulle gevra om net een uur saam met MY te waak en nadat EK in MY doodsangs MY gebed afgesluit het, het EK na hulle gegaan en hulle vas aan die slaap aangetref. EK het hulle wakker gemaak en weer aan hulle gevra om saam met MY te waak en te bid en weer het hulle aan die slaap geraak. In MY benoudheid kon geen mens MY troos nie, maar EK het hulle om 'n rede gevra om saam met MY te waak. MY kinders, nou vra EK julle weer om saam met My te waak en EK vind julle weer aan die slaap. Geen mens weet wat die gevolge van die groot aardbewing gaan wees nie en niemand kan eers raai wat die geloofstryd alles gaan inhou nie. EK vra julle daarom weer om saam met MY te waak en te bid, maar julle bly net slaap. Dit is die gevolge van teveel behaging van die liggaam. Wanneer jy in groot benoudheid verkeer, sal jy nie slaap nie, al is jy hoe moeg, maar as jy houtgerus is, sal jy heerlik voortslaap sonder dat jy eers van die gevaar om jou bewus is. EK sien die boosheid om julle en julle is nie daarvan bewus nie. Sou julle die bose om julle kon sien, sou julle baie ernstiger deur die lewe gegaan het. Julle sou die hele tyd gewaak en gebid het en julle sou nie so deur die lewe gegaan het soos wat julle nou deur die lewe gaan nie. MY kinders, EK het geweet hoe groot die aanslag teen MY dissipels ook sou wees en het hulle daarom ook gemaan om saam met My te waak en te bid, maar aangesien hulle nie een kon raai watter groot uitwerking MY kruisiging op hulle sou gehad het nie, het hulle ook nie omgegee om aan die slaap te raak nie. Petrus het MY belowe dat hy sy lewe aan MY sou opoffer en saam met MY sou sterf en julle almal weet wat die uiteinde was toe hulle hom gevra het of hy MY ken. MY kinders, hy het dag en nag vir meer as drie jaar saam met MY geloop en alles agtergelaat om MY te dien, en hy kon nie staande bly teen die groot boosheid nie. Hoe sal julle, wat MY nog nooit gesien het nie, staande kan bly? Dink daaraan en waak en bid sodat die bo-

se julle nie ook oorkom en julle MY verloën nie. Streef na die eenheid met MY voordat die groot dag van die Antichris op hande is, sodat jy MY die hele tyd kan aanskou en Ons Een kan wees en jy nie sal struikel nie. As EK julle aan die slaap sal vind, nadat EK julle drie keer gemaan het, sal EK julle los om voort te slaap en EK sal net na die gaan wat wakker is en MY verwag het. Wees daarom nie dom en vaak nie en ontwaak uit die doodslaap wat jou net jou ewige lewe sal kos en kom kry jou krag by MY, sodat EK jou kan versterk vir die werk wat jy vir MY moet doen. Dit is nie 'n leuen dat EK jou met krag sal voorsien nie, omdat MY skryfkneg dit self ondervind het en ook sal skryf wat met haar gebeur het. Dit is die belangrike punt en EK wil julle weer sê om julle krag by MY te kom haal, aangesien julle baie keer vergeet om MY daarvoor te vra en dan verswak julle geleidelik en kan dan nie wakker bly nie. MY kindertjies, moenie aan die slaap gevind word wanneer EK besoeking oor jou kom doen nie.

Amen

(*VADER maak my vroeg in die oggende wakker en sê dan dat ek in die Gees na HOM moet kom, sodat HY my dinge kan wys. Ek het vanoggend wakker geword met die woorde van Jahshua wat HY aan SY dissipels gesê het nadat HY hulle aan die slaap gevind het. Ek het gewonder waarom ek met dit wakker geword het, maar het gou genoeg uitgevind. Ek het probeer om met Jahshua te praat, maar het aanhoudend aan die slaap geraak en kon net nie wakker bly nie. Ek het alles probeer, maar was net te swak. Later het Jahshua gesê dat ek buitentoe moes gaan, sodat ek vars lug kon kry. Ek het dit toe reggekry om in die gees na HOM te gaan en nie aan die slaap te raak nie vir 'n kort tydjie en HY wys my toe die volgende. Ek staan voor Hom en vra Hom vir krag en HY gee my 'n glasballetjie, so groot soos 'n gholfbal, en sê dat ek eers moet kyk wat in die balletjie is. Ek sien elektriese vonke soos blitse wat in die balletjie van een kant na die ander slaan. HY sê dat ek die balletjie moet insluk en ek doen dit. Net daar kry ek krag van Vader en al my moegheid is ook op 'n einde. Die dag was sommer vir my iets om na uit te sien. Ek kon heeltemal verstaan hoe SY dissipels gevoel het, toe hulle so aan die slaap geraak het. Louise)*

# Hoofstuk 18

***13 Jan. 2008 06: 59***

EK het, nadat Ek MY dissipels wakker gemaak het, weereens aan hulle vertel waarom hulle moes waak en bid, maar nie eers die waarskuwings kon hulle uit die slaap uit wek nie. Hulle het werklik eers wakker geskrik toe hulle kom om MY gevange te neem. MY dissipels het inderhaas begin bid soos nog nooit tevore nie en het geweet dat die tyd aangebreek het dat hulle ten volle net op MY moes steun. In die verlede het hulle ook op MY gesteun, ja, maar hulle was die hele tyd in MY nabyheid en kon MY wonders sien en het geweet dat niks hulle aan MY sy sou oorkom nie. Met MY gevangeneming was dit vir hulle angswekkend om te sien dat EK MYSELF nie teen díe verset het wat gekom het om MY in hegtenis te neem nie. En hulle wou vlug, maar het eers by MY gebly vir 'n ruk totdat hulle moed hulle begewe het. Daar staan geskrywe dat Petrus MY probeer verdedig het, deur een van die wat gekom het om gevange te neem, se oor af te kap. Dit is so en het werklik gebeur en daardie persoon het weggegaan en MY Gees het in hom begin werk en hy is ook deur MY gered, maar die oorgrote meerderheid is nie eers deur daardie gebeurtenis geraak nie en het MY weggevat na Herodes en Pilatus. Petrus se daad het bewys dat hy MY liefgehad het, maar dit was van korte duur. Toe hy sien dat niks meer help nie, het hy ook gevlug en My stadig van agteraf gevolg, tot op die plek waar hulle hom gevra het of hy MY geken het en hy MY skaamteloos verloen het. MY kinders, wat EK hiermee aan julle almal wil sê, is dat julle nie moet dink dat julle geloof so groot is dat julle MY nooit sal verloën nie. EK het geweet dat Petrus MY sal verloën, ten spyte van sy groot liefdesbetuiging aan MY en het gevoel gehad met sy swakheid, maar het hom ook voor die tyd gewaarsku, soos wat EK julle nou voor die tyd waarsku. MY kinders, kom nader aan MY, sodat julle krag kan ontvang vóór die groot geloofstryd aanbreek. In daardie geloofstryd sal niemand staande kan bly wat MY nie ken nie. Niemand wat nie voor die tyd krag van MY ontvang het daarvoor, sal kan staande bly sonder om MY te verloën nie. As julle nou al te swak is om MY woord te verkondig, weens

bangheid oor wat jou naaste daarvan gaan sê, hoe groot sal jou geloof dán wees? Nog kleiner, sê EK vir julle! Kom daarom nóu na MY en waak en bid saam met MY, sodat die wolwe julle nie onkant vang en julle dan nie genoeg geloof in MY het nie. MY kinders, dit is verskriklik belangrik en EK wil dit weereens vir julle op die hart druk sodat julle nie kan sê dat julle nie geweet het nie. Dink aan MY en aan die groot pyn wat EK moes verdra en weet dat julle pyn nie veel minder sal wees nie en baie van julle wat nou hier lees, sal ook nog vir MY moet ly en sterf. Julle sal dit nie kan doen as julle nie waak en bid en só julle innerlike versterk met geloof en hoop nie. Wees maar nie bevrees nie, wil EK weereens vir julle sê, maar dit beteken nie dat daar geen onheil oor jou pad gaan kom nie, omdat die satan elke een van julle wat MY dien, ken, en julle dan baie fel gaan aanval op die groot dag waarna EK die hele tyd verwys. MY kinders, as hy klaar met die wêreld gespeel het en hy verveeld gaan rondkyk wat om te doen, sal sy vieslike oë reg op julle val en met nuwe ywer sal hy julle aanval, omdat hy moeg gespeel is met die wêreld en hulle regeerders. Hy wil julle aanval, omdat hy MY wil aanval, maar nie kan nie. Daarom sal hy met wreedheid op julle toesak en so probeer om MY terug te kry, maar EK sê nou vir julle, dat vir julle wat MY liefhet en waak en bid, dit nie so moeilik sal wees nie en dat hy nie die oorhand oor julle sal kry nie. Maar, en julle moet nou mooi luister, dan moet julle nou al begin waak en bid en julle krag van MY kom haal, sodat julle nie ‘n tekort sal hê daaraan in die kwaai stryd wat voorlê nie. Bring dit vir MY in julle gebede en dra julle swakhede aan MY op, sodat EK julle kan vernuwe, en julle met nuwe krag en ywer voort kan gaan en net soos Petrus, wat op die ou einde werklik sy lewe vir MY gegee het, kan uithou tot op die einde.

Amen.

## Hoofstuk 19

***13 Jan. 2008 07: 24***

In die aangesig van gevaar het baie mense al beswyk om nooit weer reg te kom nie. Menige mens is al so geskok in dit wat hy om hom gesien het, dat hy sy spraak verloor het of heeltemal mal geraak het. In die groot geloofstryd wat gaan kom, sal daar baie sulke gevalle wees, omdat die mense buitengewoon wreed sal wees en niemand dit sal kan dra nie. MY kinders, julle ken nie die wreedheid van satan nie en weet nie tot wat hy in staat kan wees nie. Niks is by hom teveel of te wreed nie en as hulle MY op die wreedste wyses gemartel en gedood het, sal hy sekerlik nie sagter met julle te werk gaan nie. Wees daarom nie dom nie en kom skaar julle nóu by MY, sodat EK julle krag kan gee vir alles. Almal wat MY liefhet hou niks van geweld nie en daarom sal hy julle met geweld aanval, omdat hy weet wat julle bangmaak en julle sal laat breek. In die toekoms, en dit is nie meer vêr nie, sal EK aan julle ‘n teken doen sodat julle nie meer bang sal wees vir die dood nie en elke een wat MY dan liefhet en in MY glo, sal die teken sien en wéét dat niks wat hulle aan julle liggame doen, julle van MY kan skei nie. MY kinders, EK sal iemand vir julle uit die dood opwek en julle sal by hom self hoor wat met hom gebeur het. Hy sal saam met MY in die vlees rondloop en nie in die gees nie. Julle almal wat MY liefhet sal EK vergader en met julle eie oë sal julle dan sien wat EK alles kan doen en ook omdat ‘n klein seuntjie, wat nog nie geleer het om te lieg nie, julle alles sal kan vertel wat EK aan hom gedoen het. Met groot liefde vir MY sal hy saam met MY rondloop en nooit sal hy sy handjie uit MYNE haal nie, omdat hy dan sal weet wie sy Jahshua is. Saam met julle sal hy dan die geloofstryd ingaan en julle aanspoor om nie moed te verloor nie en hy sal julle met MY liefde aanspoor om nie te val en MY te verloën nie. Die bose sal hom niks kan doen nie en in die aangesig van groot gevaar, sal hy menige mense uit die kloue van die bose red. MY kinders, daardie kindjie sal vir julle net ‘n voorbeeld wees van wat julle almal sal kan doen as julle net julle geloof en vertroue in MY alleen stel. Wees nie bang nie, want die bose kan julle siele nie van MY ontruk nie en julle sal net julle

aardse liggame verloor, maar julle siele sal voortleef in die grootste vreugde saam met MY. En saam met MY sal julle aan die bruilofstafel sit en elke een wat vir MY gesterf het, sal die bruilofskleed aanhê. Dit is oneindig meer werd as om aan ‘n liggaam vas te klou wat tog ook moet vergaan, al is dit nie aan die hande van die bose nie. Elke mens moet eendag tot sy einde kom, sodat die liggaam kan ontbind en die sieledeeltjies daarin uit kan kom. So moet julle dan nie vasklou aan ‘n verganklike liggaam nie, omdat julle siele sal voortleef in die grootste geluk denkbaar, terwyl elke liggaam van elke mens, goed of sleg, eendag tog vergaan. Gee liewer jou liggaam, siel en gees aan MY oor, sodat EK dit vir julle sterk kan maak, en jy die stryd kan ingaan en nie sterwe nie. Daar sal baie wees wat op die nuwe aarde sal kom en daardie mense sal nie liggaamlik sterwe nie, maar daar sal ook baie wees wat wel vir MY sterf en wat dit sal doen met al die liefde in sy/haar hart vir MY. Elke een sal ryklik beloon word, of jy nou gesterf het vir MY en of jy nou op die nuwe aarde kom. Daar is geen verskil by MY nie, want dit sal net MY krag alleen wees wat julle tot op die einde dra. MY kinders, as julle weet wat EK vir julle berei het, sal julle niks vrees nie en die stryd tegemoet hardloop, maar eers moet julle aanhou waak en bid, sodat die bose nie ‘n oorhand oor jou kan hê nie. Lê alle bande met die wêreld af en julle sal Een word met MY, sodat julle die stryd kan stry en nie sal val nie. Nadat EK opgevaar het na die hemel, het al MY dissipels (behalwe Judas natuurlik) Een met MY geword en kon alles doen in MY Naam. Daarom kon hulle ook alles voor die tyd weet en het nie omgegee hoe hulle te sterwe kom nie. Elke een het dan ook al lank voor die tyd geweet wanneer sy sterwensuur aan sal breek en het hulle ook nie daarteen verset nie, omdat hulle bly was om na MY terug te keer. Daarom moet julle alles in die stryd werp om Een met MY te word sodat julle alles kan deursien en niks vrees nie. Wanneer jy Een met MY is, sal die bose niks aan jou kan doen nie, behalwe wanneer jy jouself in hulle hande oorgee soos wat EK MYSELF oorgegee het op die regte tyd om gekruisig te word. Wanneer die regte tyd vir jou ook sal aanbreek, sal jy jou nie verset as hulle kom om jou dood te maak nie en met vreugde sal jy dan vir MY sterf en by MY opgeneem word. Dit sal die grootste vreugde denkbaar vir jou wees en jy sal bly wees dat

die stryd nou finaal verby is. Al hierdie dinge klink vir julle nou baie swaar en vreemd op die oor, maar as jy MY kom vra, sal EK dit ook in jou hart verstaanbaar maak en jou só versterk sodat jy ook die dinge sal kan dra sonder om te val.

MY kinders, hou net moed omdat EK die hele tyd by julle is en een van die dae in die vlees na julle sal kom en julle sal leer. Na die stryd in julle land verby is, sal EK julle almal vergader by MY pilaar en julle sal dan deur MY persoonlik geleer word en die een sal die ander nie leer deur te sê dat hy MY moet ken nie. EK sal in elke een se hart wees en elke een sal MY persoonlik ken. Elke een sal dan MY Stem in alle duidelikheid kan hoor en EK sal julle almal Een met MY maak, sodat julle die geloofstryd met krag en mag kan ingaan. Dit is ‘n belofte aan julle almal wat MY liefhet en MY soek en nie een belofte van MY sal EK nalaat om te doen nie. Aan almal wat EK so sal dra, omdat julle MY in julle harte gedra het, sal EK kom en julle sal MY ken. Dra MY daarom nou al in jou hart, sodat EK na jou kan kom.

Amen.

# Hoofstuk 20

***13 Jan. 2008 07: 56***

Weet julle wat dit beteken as EK vir julle sê om heeltemal Een met MY te word? Baie van julle dink dat julle weet, maar julle het nie eintlik regtig ‘n benul nie. MY kinders, wanneer julle Een met MY word, beteken dit dat jy MY in die kleine op die aarde voorstel. Jy is dan ‘n klein “God” wat hier rondgaan en wonderwerke verrig. Julle almal sal kan raai wat sal gebeur as Ek in MY persoon hier sou rondloop en die groot moondhede sou aanvat, nê? Nie een van die moondhede sou kon staande bly nie en Ek sou in een oomblik die hele wêreld kon regeer. Nou, dit is wat ook met julle sal gebeur wanneer julle Een met MY word. Oral waar julle gaan, sal julle die mag in julle hande hê. Maar daar is ‘n verskil daarin om die mag te hê en alles en almal aan jou voete te hê en om Een te wees met MY, waarin jy ook die mag in jou hande sal hê. Die verskil lê daarin dat, as jy die mag in jou hande het en jy kan maak en breek soos wat jy wil en mense dwing om te doen wat jy wil, dit nie uit MY is nie. EK laat elke een sy vrye wil toe, sodat elke een vrywillig na MY kan kom en MY dien. My kinders, julle moenie die mag begeer en wat dit aan jou kan doen nie. Dit is nie uit MY uit nie. Die mag wat jy moet begeer, is om Een met MY te word en dan mag oor die bose te kan hê, maar elke mens vry te laat, sodat hy MY uit sy eie kan dien of nie. Dit moet ‘n begeerte in jou hart wees om mense na My te lei en sodoende hulle siele te red en nie oor hulle te regeer nie. Die regering oor mense is nie uit MY uit nie en moet daarom uit julle binneste weggewerp word, as dit daar is. Moenie oor almal wil regeer nie, omdat die een wat wil regeer, ‘n slegte gees in hom het en dan laaste sal wees wanneer EK wel iemand kies om te regeer oor ‘n land of ‘n groep mense. EK kies gewoonlik die nederigste van hart daarvoor en die een wat nie wil regeer nie, sal die leier wees. Strewe daarna om Een met MY te wees, sodat jy ander kan help en nie vir die mag wat jy daardeur kan verkry nie. Om Een met MY te word, beteken dat jy al jou eie gedagtes en jou eie wil in MY Hande oorgegee het en dan net doen wat Ek wil hê jy moet doen. Dit klink nou weer vir julle asof EK heerssugtig is, maar dit is nie so

nie. EK, as die Almagtige, wat alles ken en deurvors, weet wat die beste is om te doen, omdat EK alle mense se harte ken en presies weet wat nodig is om daardie persoon se siel te red. Julle weet nie, en sal daarom dalk met die swaard inklim, terwyl jy in alle sagmoedigheid moes gaan. Of wanneer Ek sê, ‘bly stil’, sal julle aanhou praat en die persoon hier voor jou die skrik op die lyf jaag. MY kinders, alles gaan net daarom om die mense se siele van die bose te bevry. Wanneer jy mense van die bose bevry, sal hulle outomaties na MY keer en MY oorgrote liefde aan hulle sien. Dit is dan waarom julle Een met MY moet word en julleself moet kruisig, omdat julle nie alles weet soos wat party van julle dink nie. EK alleen weet alles en sal daarom aan julle ook alles gee, sodat julle MY siele uit die bose se kloue kan red. Dit is die rede dat EK julle so aanspoor om Een met MY te word, sodat julle ander kan red voor die geloofstryd hier is en ook tydens die geloofstryd. Met MY sal julle alles kan doen, maar uit julleself niks. Gee jouself oor aan MY reiniging en jy sal baie gou Een met MY word. Soek MY aangesig op en hou jou uit die wêreldse dinge uit en jy sal baie gou met MY verenig word.

Amen.

# Hoofstuk 21

***14 Jan. 2008 07 : 28***

Op Golgota het EK verlossing gebring en vir elke een wat MY Naam aanroep, sal daar verlossing wees, omdat EK dit vrylik gee aan elke een wat daarvoor vra en wat MY liefhet. Daarom moet julle nie vrees vir die gedrang en die chaos in die wêreld om julle nie. EK sal met julle veilig in MY arms staan sodat niemand julle uit MY arms uit kan haal nie. MY kinders, die "vrede" wat so aan julle verkondig is sedert die vroegste tye, is amper op 'n einde en dan sal die leiers wat MY kinders so verlei het, die "vrede" kry wat hulle so verkondig het. Daar sal net vrede in MY kinders se harte heers en die wêreld sal gedompel word in die grootste oorlog wat nog ooit uitgebreek het. Dit sal 'n oorlog wees wat volskaalse vernietiging sal bring. Net hier in Suid-Afrika sal daar vrede heers, omdat dit MY vrede sal wees wat hier is. Na alles hier weer hervestig is en almal na hul huise teruggekeer het, sal die wêreld in 'n oorlog woed en net MY kinders sal in vreugde lewe en MY loof, omdat EK die EEN is wat dit vir hulle bewerkstellig het. Net soos die dag van My opstanding, sal dit dan hier wees, omdat julle almal MY dan sal kan sien en julle sal bly wees terwyl die wêreld huil. Dit is nie 'n oordeel oor die wêreld nie, hulle verkies dit dan so. Kom skaar julle by MY en julle sal juig en vrede hê, terwyl die res van die wêreld wat MY nie gekies het nie, in die grootste oorlog gewikkel sal wees. MY kinders, hulle sal weereens probeer om julle by die oorlog te betrek en julle vrede van julle af weg te vat, maar julle moet dan weereens net op MY vertrou en EK sal julle weer help, omdat MY hulp nooit opdroog vir die regverdige wat MY in sy hart liefhet nie. Daar is nie meer so iets soos wêreldvrede nie en daar was nog nooit so iets nie, al het die wêreldowerhede dit so probeer voorstel. Maar in die toekoms sal daar baie erger dinge kop uitsteek en dit sal baie bloed laat vloei, as tot op hede. Kom skuil net by MY en julle het niks om te vrees nie. Laat die wêreld woed en die storms slaan, maar kom laat EK jou beskerm en beskut teen die kwaai winde van wat ook al. Net EK kan julle daarteen beskerm en julle sal veilig in MY arms wees tot op die dag van MY wederkoms. MY kinders, onthou dat julle

almal met MY Een sal wees, voordat die Antichris sy verskyning sal maak en onthou dat niks julle dan sal oorkom nie, al maak hulle julle liggame dood. Julle sal geen vrees ken nie en sal die wat wel vrees en MY nog nie ken nie, maar ook nie saam met die Antichris wil gaan nie, moet gaan help en na MY lei. Dit is waaroor die hele geloofstryd dan sal gaan. Dit sal wees omdat die satan sy mes vir MY in het en MY wil aanval en nie kan nie. Hy sal dan op julle wil neerkom, maar sal nie rekening hou met die feit dat julle Een met MY sal wees nie. Hy sal dan net julle liggame kan skend en nie julle siele nie. Dit sal hom woedend maak, maar hy sal daar niks aan kan doen nie. My kinders, julle sal dan die swakkes wat ook in sy hand is, moet gaan haal en aan MY bring sodat hulle nie verlore sal gaan nie. Die hele geloofstryd sal gaan oor die bewys van onbaatsugtige naasteliefde aan die een wat nog in satan se kloue is en wat van hom bevry moet word. Geen mens kan raai wat alles daar sal gebeur nie, maar wees net verseker van MY Liefde vir julle wat julle uit groot gevare sal red sodat julle julle werk vir MY kan volbring.

Amen.

# Hoofstuk 22

***14 Jan. 2008 07: 50***

Nadat EK uit die dode opgestaan het, het EK na al MY kinders oral oor die land gegaan en hulle oortuig van die lewe na die dood. Hulle almal was baie verheug en kon hulle oë nie glo nie. Elke een is daardeur versterk en kon die komende tyd tegemoetgaan sonder enige vrees vir die dood, en omdat hulle uitgesien het na die vereniging met MY na die liggaamlike dood. Julle sal ook so deur MY besoek word, voordat die laaste en felste stryd van alle tye aanbreek en met blydskap sal julle MY dan ontmoet en bly wees, omdat EK julle dan alles sal wys wat julle nodig het vir die groot stryd. Julle sal almal die krag en wysheid nodig hê, omdat satan buitengewoon slinks is en sal poog om julle van MY af weg te rokkel in die geloofstryd, maar EK sal nie toelaat dat een van MYNE deur hom oorval word en uit MY arms uitgeruk word nie. Daarom moet julle nou al bid sodat julle ook daar kan wees waar EK julle sal vergader en met julle sal spreek. EK sal wonders daar doen en julle sal MY herken as Jahshua van Nasaret wat ook SY mense daar gehelp het. MY kinders, julle sal baie bly wees oor elke ding wat EK oor julle sal bring en elke mens wat daar vergader, sal deur MY persoonlik aangespreek word. EK sal van tent tot tent en van mens tot mens gaan en elke een sal ‘n beurt kry om met MY alleen te gesels. EK sal elke liewe een, groot en klein, so versterk dat almal bereid sal wees om hulle lewens vir MY af te lê in die stryd wat dan sal volg. Nie een sal afgeskeep word nie en elke een sal deur MY vasgehou word. Julle sal almal die stryd tegemoetgaan en in die aanskyn van gevaar, sal julle nie val nie, omdat EK nog steeds vars in julle harte sal bly. EK sal ook hoorbaar in elke een se hart wees en met tye sal EK ook aan julle verskyn terwyl die stryd om julle aangaan en die gevegte nie ophou nie. Maar ten spyte van die deurmekaarspul hier om julle, sal julle vrede in julle harte hê en aan MY dink, terwyl julle lewens vir MY red. EK stel julle almal aan as MY lewensredders en julle sal ook die talente ontvang wat nodig is om menselewens te red van die bose vangnet. Dit sal die satan buitengewoon kwaad maak, omdat hy niks met julle sal kan uitrig nie

en julle dan onaantasbaar sal wees deur MY GEES wat in elke een van julle teenwoordig sal wees. MY kinders, hierdie dinge is ook nie meer vêr in die toekoms nie en julle sal dit ook nog almal beleef en hoef nie eers oud te wees voordat dit gebeur nie. Direk na die stryd in julle land, sal EK julle almal saam vergader en EK sal daar in julle midde wees en in die vlees loop en julle versterk. Nadat EK elke een versterk het, sal EK dan weer na MY hemele gaan en julle net in die Gees bystaan. Daarna sal die geloofstryd dan volg en daar sal elke een vir MY moet stry en MY bely voor die mense en voor die gevaar wat satan in julle pad sal gooi. Julle sal wel ‘n kort tydjie vrede in julle land hê en voorspoedig wees, maar daarna sal die Derde Wêreldoorlog begin en daarmee saam ook julle stryd teen die Antichris. MY kinders, EK sal die aarde met ‘n groot aardbewing teister en dit sal dan groot chaos op die aardbodem tot gevolg hê. Wanneer die aardbewing gaan plaasvind, weet niemand nie en EK sal dit nie nou aan julle bekendmaak nie, omdat julle dan die hele tyd daarvoor sal vrees. Wat EK wil hê, is dat julle MY nou moet kom soek en MY nou al moet liefhê, dan sal geen ding wat oor jou lewe kom, vir jou iets groots wees nie. Julle sal ook deur MY beskerm word wanneer die groot aardbewing kom en julle sal niks hoef te vrees nie, want EK sal julle almal in MY arms vashou. Daarom sê EK nie vir julle presies wanneer die aarde gaan bewe nie, omdat EK wil hê dat julle julle tyd aan MY moet wy en nie aan die sinnelose vrees vir die aardbewing nie. MY kinders, julle moet niks vrees nie, want EK is die hele tyd naby en sal julle na veiligheid bring, al skud en beef die aarde soos ‘n riet in die wind. Kom net na MY met al jou sorge en vergeet van die aardse dinge en dan sal julle almal in MY arms veilig wees. Dit sê EK aan julle, sodat julle kan weet wat julle te wagte is. Onthou net dat EK julle nooit sal verlaat nie.

Amen.

# Hoofstuk 23

***15 Jan. 2008 07: 20***

EK Jahshua, het elke mens wat EK geskape het, lief en daar is nie by MY iets soos haat nie. EK haat wel die goddelose dade, en alles wat verkeerd is, is ‘n gruwel voor MY oë, maar EK haat nie die mens wat die sondes doen nie. Daar heers ‘n verkeerde begrip by MY kinders en dit is dat hulle maar almal wat goddelose dinge doen, kan haat. Dit is heeltemal verkeerd en doen nie reg aan jou siel nie. MY kinders, ban alle haat uit julle harte uit omdat dit julle verbitterd maak en dit dan duisternis tot gevolg het wat net jóu eie siel skaad. Wanneer iemand verkeerde dinge doen, is daar baie redes daarvoor en julle het nie ‘n benul van wat verkeerd geloop het in iemand se lewe nie. Julle kan nie sommer net iemand haat omdat hy iets doen wat in julle oë verkeerd is en teen MY gebooie ingaan nie. Dink aan My kruisiging. Die mense wat MY gekruisig het, was almal deur bose geeste beset gewees en daarom het hulle ‘n welbehae daarin gehad om MY te martel. Die mens “agter” die bose gees het na MY gekom en is daarna gered, nadat die bose geeste uit hulle verwyder is. Sou EK ook die mense gehaat het wat MY gekruisig het, dan sou hulle almal in die hel beland het sonder dat EK red, maar nou is hulle almal by MY en EK hét hulle gered. Daar was nie nog iemand wat meer berou in sy hart gehad het soos daardie manne wat MY gekruisig het nie. Julle kan vir julleself indink hoe hulle moes gevoel het, toe hulle van die bose geeste gereinig is. Hulle het voor MY gekruip en gevra dat EK hulle nog erger dinge moes aandoen as wat hulle MY aangedoen het. MY kinders, die berou in hulle harte het MY hart so verteder dat EK elke een van hulle aan MY bors vasgedruk het en hulle vergewe het. Kan iemand dit oor sy hart kry om iemand wat om vergewing vra, dood te maak, as hy nie self ‘n duiwel is nie? EK kan nie mense wat MY om vergewing kom vra, verdelg nie en sal dit ook nie doen nie en daarom sê EK aan julle dat julle nie mense moet veroordeel en hulle haat nie. Wees lief vir alle mense van julle eie volk en dra hulle eerder in gebed aan MY op as wat julle klippe na hulle gooi en hulle doodwens, omdat hulle ongeregtigheid beoefen. Wees eerder liefdevol

teenoor mense wat jou sleg behandel en jy sal hulle vir MY wen. Elke mens doen sonde voor MY en as EK julle almal moes straf vir elke dingetjie wat julle doen, sal daar niemand in MY koninkryk wees nie, omdat net die regverdiges van hart daar sal inkom. Wie is regverdig uit sy eie uit? Niemand, en dit is net MY bloed wat julle reinig en daarom moet julle nie klippe gooi en mense veroordeel nie, omdat MY bloed almal wat wil, skoon kan was. Dra hulle in julle harte aan MY op en EK sal by hulle inwerk, sodat hulle ook na MY sal kom. Al is dit nou eers oor ‘n paar jaar. Julle wat My Woord ken en julleself regverdig noem, behoort dit te weet en dit moes eintlik nie vir MY nodig gewees het om dit eers weer aan julle te noem nie, maar omdat EK dit sien tussen MY mense, moes EK dit weer aan julle sê. EK maak alle mense skoon en selfs die grootste sondaar kan deur MY gereinig word om tot ‘n ware voorbeeld vir julle elkeen te dien. EK verloor nooit moed nie en sal almal weer ‘n kans gee, en dit is dan nou ook die rede vir MY nuwe openbaringe aan julle, omdat die einde van tye dan ook aangebreek het en julle nie meer lank het om aan julleself te werk nie. MY kinders, julle almal wil deur MY gered word en daarom moet julle wat julle wil hê EK aan julle moet doen, ook vir ‘n ander gun. Onthou hierdie les wat eintlik onnodig moes wees, baie goed!

Amen.

# Hoofstuk 24

***15 Jan. 2008 08: 04***

Nadat EK na die hemel gevaar het, het EK MY dissipels beveel om hulle af te sonder vir ‘n paar dae, wat hulle dan ook gedoen het. EK het op die dag wat EK beplan het, MY GEES oor hulle uitgegiet en hulle het heeltemal Een met MY geword. Daarna kon hulle alles doen wat EK hulle aangesê het om te doen. Elke wonderwerk wat EK op aarde verrig het, kon hulle doen en alles wat hulle gesê het, het ook dan net so uitgewerk. Daar is baie mense deur hulle tot inkeer gebring en daardie mense het almal na MY gekom en die pad tot aan die einde vir MY gestap. Nou staan julle weer voor ‘n baie groot gebeurtenis en daar sal ook mense wees wat voor daardie tyd Een met MY sal wees. EK weet wie EK vir daardie werk eenkant gesit het en is tans besig om met hulle te werk om vinnig Een met MY te word. MY kinders, julle moet die hele tyd daarna strewe om Een met MY te word, sodat die bose nie hulle kloue in julle kan slaan nie. EK wil met elke een van julle Een word, sodat julle alles sal kan doen wat EK op aarde gedoen het en nog meer. Die “nog meer” beteken dat julle in ‘n oorlog gewikkel sal wees wat baie feller sal wees as enige ander aanslag teen My kinders en selfs teen MY, toe EK op aarde was. Die satan het nog altyd teen MY verloor en het woedend omgedraai om verder planne teen MY en MYNE te smee. Hy beplan die vreeslikste dinge vir julle om so tot MY te kan kom. Maar hy leer nie, en sal weer ‘n keer verloor deurdat julle nie eenkeer sal ingee vir hom nie. Al doen hy wat hy wil met julle liggame, sal julle nie vir hom ingee nie en dit maak hom woedend, omdat hy weet dat julle siele vir hom belangrik is. Belangrik in die sin van die woord, dat hy julle siele teen MY wil gebruik om te wys dat hy sterker is as EK. Maar julle sal nie net julle eie siele van die bose bewaar nie, julle sal ook ander van die bose bevry en hom daardeur ‘n doodsteek in die hart gee. Dit wat hy vir julle sal beplan, sal terugkom na hom en mense uit sy kloue uithaal en hom van sy krag beroof. MY kinders, daarom sê EK julle om die eenheid met MY te kom soek sodat julle MY krag kan kry, want sonder die krag wat julle van MY sal kry, sal julle nie net niks teen hom kan

uitrig nie, maar ook self in sy kloue val. Julle weet nie hoe vêr dit nog is nie, maar almal wat na MY wil kom en met MY Een wil wees, sal dan ook Een met MY wees. Die mense wat EK nou uitgekies het om voor daardie tyd Een met MY te word, sal julle help om ook Een met MY te word op die regte tyd. EK sal self ook na julle kom in die vlees en julle versterk voor daardie vreeslike tyd aanbreek en EK sal julle almal Een met MY maak voor die groot geloofstryd aanbreek, en daaroor hoef julle julle nie te bekommer nie. Gee net alles aan MY oor en werk aan jouself sodat jy al verder op die pad kan wees wanneer die stryd in julle land met die ander nasies dan ook sal begin. Daardie stryd is baie nader as die groot geloofstryd en almal wat oplet sal agterkom dat daar snaakse dinge aan die gang is. Wees verseker dat die vyand besig om sy boog te span en julle al klaar in die visier het. Julle is almal onbewus van die planne wat hulle vir julle het, maar EK is, en sal julle daarom waarsku en julle aanspoor om nader aan MY te kom. Wees nie bang vir die menigtes wat julle wil omsingel nie, omdat EK julle wat MY liefhet sal beskerm en hulle sal nie ‘n hand aan julle slaan nie, maar sal self geslaan word. Aan die wat MY nog nie ken nie, wil EK sê dat julle haastig na MY moet kom en MY kom vra vir beskerming voor die dag aanbreek, en julle sal lewe. Kom voor die tyd, omdat die wat MY net in die nood aanroep en verder van MY vergeet, nie hierdie stryd sal oorleef nie. Dit sê EK weereens in al MY liefde aan almal. Amen.

# Hoofstuk 25

***15 Jan. 2008 08: 23***

Nadat EK opgestaan het, is daar baie mense na MY gebring terwyl EK by MY dissipels was en hulle het MY ook gesien omdat hulle deur MY kruisiging gelowig geraak het. EK het hulle ook aangesien en met hulle gepraat en hulle geseën. Lank voordat EK gekruisig is, het EK al geweet wie die mense sal wees wat eers na MY kruisiging sal begin glo en het hulle dan ook in hulle harte begin bewerk, al wou hulle nog nie heeltemal glo voor die tyd nie. EK het genade en geduld vir almal wat na MY kom en het ook met hulle gehad, al was hulle lou voor die tyd. Daar sal dan nou ook baie mense wees wat tydens die geloofstryd na julle sal kom om ook deur MY gered te word en EK sal MY nie van hulle af wegdraai nie. Dit sal mense wees wat ook van goeie wil is maar wat lou was en 'n bietjie ongelowig. Tydens die stryd in die land met die ander nasies sal hulle dan ook weet waar om hulle redding te soek al was hulle nie so vurig soos party van julle nie. EK sal hulle dan ook red en hulle na veiligheid bring en hulle sal dan deur julle versorg moet word. MY kinders, EK herhaal dat julle nie mense moet weggooi, wat julle dink, nie goed is nie. EK alleen weet wat nodig is om so 'n persoon na MY te bring en sal alles doen om daardie mens se siel ook te red, al is dit dan ook 'n aanval op sy lewe. Baie van daardie mense wat weet wie Ek is, en so af en toe ook bid maar nie vurig vir MY is nie, sal ook deur My gered word op snaakse wyses. Hulle sal deur die vuur van beproewing moet gaan en sal selfs gewond word daardeur, maar EK sal MY knegte stuur om hulle te gaan haal omdat hulle nie MY Stem in hulle binneste kan hoor nie. MY genade is oorvloedig en sal ook aan hulle geskenk word sodat hulle kan glo en gered word. Hou liewer op om ander te oordeel omdat hy nog in die kerk sit of nog nie wakker is nie omdat nie een van julle wat hier lees al so wakker is as wat hy moet wees nie. Gee eerder liefde as veroordelings, en julle loon sal baie groot wees by MY. Kom nou na MY sodat EK julle elkeen kan seën en jy ook 'n bruikbare mens kan wees wat ander gaan red uit julle verdrukkers se kloue.

Amen.

# Hoofstuk 26

***16 Jan. 2008 11: 19***

EK SELF sal MY volk uit die nasies gaan haal en EK sal hul bring in hul land. Almal sal weet dat EK die Heilige van Israel is en hulle sal sien hoedat EK MYSELF aan hulle openbaar. Dit sal so waar as wat EK leef geskied en elke oog sal sien en elke mond sal bely dat EK Jahweh van die leërmagte is. Daar sal nie meer 'n sweempie van twyfel by enige iemand wêreldwyd wees, dat dit EK is wat MY volk uit die hande van die bose bevry het nie. My kinders, julle wat MY woord glo, sal verstom wees om te sien wat alles sal gebeur en hoe EK julle uit die grootste gevare uit gaan red. Julle sal geen bang haar op julle koppe hê as julle besef hoe EK julle sal red nie. Daar sal, ten tyde van hierdie groot stryd tussen lewe en dood in julle land, nie 'n sweempie van twyfel in julle harte oorbly nie, want EK sal julle beskerm en julle sal dit met julle eie oë sien. Daar sal niemand wees, wat ten volle op MY vertrou, wat iets sal oorkom nie. Dit belowe EK julle en kom toets MY aan MY woord. Rig julle oë net op MY en EK sal julle beskerm en geen wonderwerk is te groot vir MY nie. Niks is teveel moeite vir MY nie. MY kinders, kom gee julleself onvoorwaardelik in MY Hande oor en julle sal niks hoef te vrees nie. Geen swarte sal 'n hand teen julle kan rig nie, of Ek sal hom SELF tref en hy sal weet, as hy sy laaste asem uitblaas, dat dit Ek is wat gepraat het. Geeneen van hulle sal daarna ooit weer 'n hand teen julle rig nie. Na hierdie groot stryd sal die wêreld verstom wees en sal met groot bewondering en ook met haat na julle kyk, omdat hulle sal besef dat hierdie klein geringe oorblyfsel nooit alleen die stryd kon stry nie. Dan sal EK MY boodskapper stuur om hulle te gaan haal en EK sal al MY kinders van die ander lande hierheen bring en hulle sal saam met julle by MY pilaar vergader en saam met julle sal hulle MY liefhê en aanbid. Dit sal EK doen vir die mense wat MY liefhet en in diens van MY wil wees. Die res van die wêreld sal met afsku toekyk hoe EK julle dan weer sal seën en julle voorspoedig maak en met jaloesie sal hulle dan weer planne smee om julle tot ondergang te dwing. Maar MY GEES sal alleen hier heers en niemand sal julle weer tot diens van die bose kan

dwing nie, want EK sal julle sterk maak, en al kom hulle met magtige wapens om teen julle te veg, sal julle eerder julle lewens gee as om weer deur die bose oorheers te word. Die bose sal dan deur julle oorwin word hier en baie ander mense wat weer hierheen sal kom om teen julle oorlog te maak, sal dan deur julle tot MY gebring word, waar EK hulle ook sal red. Maar aan die wat nie wil glo en ook gered word nie, sal daar 'n einde aan gemaak word en hulle sal saam met die ou aarde verbrand en weer gekluister word, nadat daar baie kanse aan hulle gegee was. Hulle sal dan letterlik die stoppels wees wat saam met die aarde gaan verbrand. Tussen julle vyande wat weer teen julle gaan oorlog maak, sal daar ook verlore koringkorrels wees wat gered moet word en EK sal hulle almal uit kom haal met julle aan MY sy. Julle sal julle ligte laat skyn en die verlore koring sal dit dan herken en ook na julle kom om gered te word deur MY. Daarom, MY liewe kinders, moet julle nóu alles in die stryd werp en Een met MY word, sodat jy kan staande bly en ook verlore koring na MY kan bring. Amen.

# Hoofstuk 27

***16 Jan. 2008 11: 42***

EK kom om julle weer te verlos van al die bose dinge op aarde en elke een wat MY liefhet sal nie ondergaan in die stryd teen die bose nie. EK sal MY kinders nooit verlaat nie en sal niemand wat opreg na MY kom ooit wegwys nie. MY kinders, julle almal weet dat Judas Iskariot MY verraai het en dat hy ook dan sy eie lewe daaroor geneem het. Sal dit vir julle snaaks wees om te hoor dat EK hom vergewe en gered het? Waarom dan nie? As EK die manne wat MY gemartel en gekruisig het, gered het, waarom sal EK hom dan nie ook vergewe en red nie? MY kinders, Judas is al lankal deur My vergewe en EK het hom aan MY bors vasgedruk nadat hy opreg berou gehad het oor sy sondes. Judas was 'n man wat baie verknog was aan sy aardse besittings en daarom kon hy MY nie heeltemal herken nie. Hy het My altyd aangesien as 'n baie magtige man maar het nie besef dat EK eintlik die Messias was wat MY volk van die bose kom bevry het, en nie van die Romeine, soos wat almal gehoop het nie. Judas het dan ook gedink dat as hy MY in 'n posisie plaas waar EK MY mag moes laat geld, EK dan ook as die koning van die land gekroon sou kon word. Dit sou dan die Romeine, wat MY geken het, die skrik op die lyf jaag en hulle sou dan die heerskappy aan My oorgegee het, aangesien hulle geweet het hoe Almagtig Ek was. Dit was die rede dat hy My gaan verraai het en nadat hy MY verraai het, het hulle dan ook gekom en MY gevange geneem. Tydens My marteling het hy dan ook alles probeer om te keer dat EK gekruisig word, aangesien hy nie wou gehad het dat Ek doodgemaak moes word nie. Dit was vir Judas iets verskrikliks om te aanskou en hy het besef dat EK MY nie teen hulle gaan verset nie. Hy het tot die geld wat hy ontvang het om MY te verraai, gaan terug gee, sodat hulle MY moes vrylaat en dit was iets groots vir Judas om te doen, aangesien jy nie maklik geld uit hom gekry het nie. Nadat hy dan ook alles probeer het en gesien het dat niks sou slaag om MY lewe te red nie, het hy homself dan om die lewe gaan bring. Nadat hy in die doderyk ingegaan het, het hy net daar gesit en bitterlik geween. Met MY intrede in die doderyk het EK tot voor

hom gegaan waar hy MY dan ook herken het. Hy het homself voor MY voete neergegooi en so geween dat hy nie ‘n woord kon uitkry nie. EK het hom met liefde aangekyk en hom opgetel en aan My bors vasgedruk en hom so tot in MY ryk gedra waar hy vandag nog is. MY kinders, vir hom was daar genade en EK het vir elke sondaar dieselfde genade en erbarming. Kom na MY, met al jou sondes en EK sal jou vergewe en jou ook so teen MY bors vasdruk soos Judas Iskariot. Dit sê EK, die Ewige, Groot Koning aan alle sondaars!

Amen.

# Hoofstuk 28

***16 Jan. 2008 12: 05***

Na waters waar rus is sal EK julle almal neem Julle wat MY liefhet en MY gebooie van liefde bewaar. Na koel strome sal julle gaan en MY GEES sal julle daarheen lei. Volg MY in alles en EK sal julle na ‘n pragtige plek vat waar daar vir ewig vrede sal wees. MY ryk het baie gebiede en die regverdige wat na MY smag, sal wees waar dit hom die beste geval. Daar waar EK is, sal almal wat MY liefhet wil wees. Julle sal daar bly en in vreugde sal julle MY dien. Hoe sal julle MY in ‘n volmaakte plek kan dien? Julle sal werksaam wees in gebiede waar die geeste MY nog nie ken nie. Daar is ryke in die hiernamaals waar daar algehele duisternis heers en waar daar geen liefde is nie. Die volmaakte geeste in My ryk gaan dan daarheen en lei die mense wat in duisternis verkeer dan na ‘n beter plek as hulle dit sou verkies. My engele of dienende geeste mag niemand dwing nie en moet elkeen se eie wil respekteer. Julle almal wat MY liefhet, sal ook eens as julle tot sterwe gekom het, vir MY op so ‘n manier dien. Dit vereis absolute naasteliefde om weer na liefdeloosheid terug te keer en daar siele vir MY te gaan haal. Die siele in daardie ryke weet die meeste van die tyd nie eers dat hulle al hulle aardse lewens afgelê het nie en dink dat hulle in baie snaakse omstandighede beland het. Hulle weet nie van beter nie en moet dan deur MY engele tot beter insigte gebring word waar hulle dan so van ryk tot ryk gaan tot hulle na MY gebring kan word. Dit is die werk wat julle te wagte staan as julle eendag in MY ryk kom. Strewe daarna om soveel lig/liefde bymekaar te maak sodat jy vir MY, en daardeur jou naaste, tot diens te kan wees. Julle sal ook weer na die aarde moet kom, om die mense wat aan julle toegesê word, te beïnvloed en hulle gedagtes na MY te lei. Dit is ‘n baie moeilike taak, omdat niemand gedwing mag word nie. Hoe liewer julle MY het, hoe groter sal julle wees in MY ryk, omdat die liefde die maatstaf is waarmee alles gemeet word. Strewe na MY en jou liefde sal vermeerder.

Amen.

# Hoofstuk 29

***17 Jan. 2008 06: 37***

EK het julle almal lief en wil julle almal versterk vir die tyd wat kom. MY kinders, kom soek My met vreugde in julle harte sodat Ek julle kan red en julle lig kan hê in die duisternis wat binnekort gaan heers. Daar is niks soos algehele duisternis van gees nie en wanneer daar gevaar is, sal dit baie erger wees. Bang sal almal wat MY nie liefhet nie, hulle gang gaan en probeer wegkruip vir die aanvallers. Maar julle wat MY liefhet, sal tussen hulle deurgaan en hulle sal julle niks kan doen nie, omdat EK julle sal beskerm. Ja, My kleintjies, EK sal hulle oë toehou, sodat hulle julle nie kan sien nie. In die verlede is daar baie gevalle gewees waar Ek MY kinders op wonderbaarlike wyses gered en bewaar het. Julle hoef niks te vrees nie, omdat EK, Jahshua, julle bystaan, en niemand ruk uit MY hand as EK gered het nie. Staan nader, sodat EK MY arms om julle kan sit en julle veilig en beskut kan wees. Gee julleself onvoorwaardelik in MY bekwame hande oor en moenie op wêreldse middels staatmaak om vir julle redding te bring nie. As EK MY kinders kon beskerm terwyl EK in die doderyk neergedaal het, sal EK julle ook sekerlik kan beskerm. Maar julle moet dit glo en nie twyfel nie, want EK, Jahshua, is Almagtig en sal fel op almal neerkom wat MY woorde bespot en beskimp. EK sal nét die red wat MY liefhet en die wat glo, al is daar net ‘n sweempie van liefde. Wees nie bevrees nie, omdat die onheil, en daarmee die dood, nader kan kom. As MY lig helder om jou is, sal die bose nie naby jou kan kom nie, maar as jy vrees, verminder jou lig en die bose kom al hoe nader. Daarom moet julle volle vertroue en geloof in MY hê en julle sal gered word. Dink daaraan, voor die groot dag aanbreek en julle nie meer daaroor kán nadink nie. EK gee julle nog ‘n rukkie kans, maar julle moet dit benut, omdat die tyd baie kort is. Wees nou al lief vir MY en EK sal julle almal red.

Amen.

# Hoofstuk 30

***18 Jan. 2008 16: 00***

Julle wat MY volkie is, sal met nuwe oë na alles kyk, nadat EK julle almal Een met MY gemaak het. Daardie dag sal julle juig soos geen volk op aarde nog ooit gejuig het nie en EK sal by julle vertoef en julle almal sal MY sien. Julle almal verlang na MY en EK weet wie na My soek tussen hierdie wêreldsee van mense en daarom sal EK net na die kom wat My soek, al is dit net ‘n vae verlange waarvan jy self nie eers bewus is nie. Dit klink nou vir julle snaaks dat iemand nie bewus kan wees van sy eie verlange nie, maar dit is die waarheid en julle sal dit almal ervaar. Daar is tans baie mense wat MY liefhet - nog nie bo alles nie - maar wat wel ‘n liefde vir MY het in sy binneste. Na daardie mense gaan EK kom en natuurlik na die wat MY bewustelik liefhet en erg na MY soek. EK het nog nooit iemand wat na MY roep in die diepte van sy hart, versaak of verlaat nie. Julle het almal dinge nodig wat julle verdeemoedig en julle nuwe mense maak. Daardie slae van die lewe bring die beste in julle uit en maak dat julle gereinig voor My kom staan. Tydens daardie slae van die lewe het baie MY al aangeroep en EK het hulle geantwoord op wonderbaarlike wyses. Baie was nie bewus van MY antwoorde nie, maar het gedink dat hulle die probleem self opgelos het. Dit is EK wat die oplossing vir elke probleem bring en kan daarom met reg sê dat EK SELF julle uitgered het van al julle moeilikhede as julle MY daarvoor gevra het. Daar is baie mense in julle land wat na MY soek in hierdie donker tyd waarin julle erg verdruk en vertrap word en EK verhoor julle gebede, al voel dit vir baie van julle dat EK MY ore vir julle geslote hou. MY tyd is nie julle tyd nie en daarom wil EK net vir julle sê dat EK wel julle gebede hoor en julle sal MY verlossing sien, maar op My tyd. Daar is nog ‘n paar mense wat MY moet leer ken voor die groot stryd begin en dán sal Ek met vuur op julle teenstanders neerkom. Maar wees gerus, dit sal nie meer lank duur nie, dan sal EK in al MY Mag kom en julle verdrukkers die nekslag toedien. Dit sal vir julle verlossing bring, maar ook sal elkeen dan leer om MY bo alles te vertrou en dit sal julle louter sodat Ek na die stryd na julle kan kom en Een met julle

word. Julle sal My dan in die vlees kan sien en EK sal tussen julle rondloop, daar waar Ek julle gaan vergader. MY kneg sal julle bymekaarmaak en julle gereed maak vir die slag en daarna sal julle elkeen MY stem self kan hoor. Terwyl die hel in al sy duisternis om julle losbars, sal baie van julle alreeds MY stem kan hoor en daar sal net enkeles wees wat MY nog nie kan hoor nie, maar wat baie ernstig daarna soek. Dit sal vir hulle ook gereken word as wins, wanneer hulle op die slagveld in ‘n verknorsing beland, waaruit EK hulle dan dadelik sal red. Daartydens sal EK hulle binneste oopmaak en hulle sal MY in alle helderheid kan hoor. MY kinders, hier kom groot dinge vir julle en baie van My mense leef in groot opgewondenheid en afwagting, maar die van julle wat nog vrees, moet dadelik na MY kom en julle harte leeg maak voor MY, sodat EK julle kan vul met nuwe krag en julle die stryd tegemoet sal gaan met durf en daad. Dit is alles beloftes van My wat nagekom sal word, aangesien EK nooit beloftes maak wat EK verbreek nie. My belofte aan elkeen wat hier lees en dit glo, is dat julle elkeen My Stem sal hoor en herken. Julle sal elkeen MY in die vlees sien en Ek sal julle elkeen versterk vir die groot geloofstryd wat ‘n paar jaar na die stryd in julle land verby is, sal kom. Julle sal nooit weer die knie voor die bose en afgodiese buig nie en sal MY alleen dien en julle kinders sal van MY geleer word en hulle sal hulle weg na MY vind op ‘n baie jeugdige ouderdom. Dit sê EK, die Enigste Almagtige van hemel en aarde. Salig is die wat MY woorde hoor en dit onwrikbaar glo.

Amen.

# Hoofstuk 31

***18 Jan. 2008 16: 21***

In die verlede was daar baie mense wat My liefgehad het en dan ook groot dinge in MY Naam gedoen het. Neem nou maar die voorbeeld van die man wat sy hele lewe opgeoffer het om die mense wat in ‘n brandende gebou vasgekeer gesit het, te help en daardeur self tot sy einde gekom het. Dit was in die ou tyd voordat daar elektrisiteit bestaan het en ook in ‘n ver land waarvan julle nie eers bewus was nie. Dit is ook nie opgeteken in die geskiedkundige boeke nie, maar by MY staan dit opgeteken in hoofletters, want dit was ‘n daad van groot naasteliefde. Daardie man het, nadat hy die mense uit die gebou gered het, vir dae gelê met die ergste brandwonde denkbaar en was erg vermink. Hy het in groot pyn verkeer en kon nie sy oë toemaak nie, omdat sy ooglede geskroei het. Sy oë het uitgedroog terwyl hy in sy bed gelê en ly het. Nou sal julle vra: Nou waarom het U hom nie begenadig nadat hy sy lewe aan ander gegee het nie? My kinders, die feit dat EK hom nog lewe geskenk het en hy daardie lyding moes deurmaak, was op sigself ‘n groot seëning gewees. Julle almal weet van die siel wat aan die liggaam vasgekluister kan bly na die dood. Dit sou met daardie man gebeur het, as hy dadelik tot sterwe gekom het en die lyding wat hy in sy erg verbrande liggaam moes deurmaak, het sy siel van sy liggaam geskei en hy het in die gees oorgegaan. Nadat hy dan die gees gegee het, het hy in MY arms wakker geword, nadat dit vir hom gevoel het of hy net aan die slaap geraak het. Bang en verontrus het hy om hom gekyk en gewonder waar hy nou was en toe hy in MY oë kyk, het ‘n groot vrede oor hom gekom. Dit was alles vir hom nodig, anders sou hy in die grootste duisternis wakker geword het. My kinders, daar is tans baie mense wat ly en julle weet nie aldag hoekom nie, maar nou sal julle beter verstaan. Dit is om vir daardie persoon, wat nog erg vas is aan sy liggaam, ‘n weg na MY te baan deur die lyding wat hy moet ondergaan. Dit is dan ook waarom Ek julle almal deur die kwaai beproewings geneem het, terwyl julle verdrukkers julle sleg behandel het. Julle het na MY gekeer in gebed, soos daardie man wat gelê en ly het en My daardeur ont-

moet het. Daar kom nog ‘n erger beproewing vir julle, omdat EK SELF met die verdrukkers wil afreken en julle nie ‘n hand mag lig, voordat EK julle nie toestemming gegee het nie. Julle sal almal deur die lyding wat julle deurgegaan het, dan MY Stem kan hoor en MY in die vlees kan sien. Baie slegte dinge wat oor julle kom, het ook ‘n doel en EK sal MY doel met julle bereik, al lyk dit soms vir julle onregverdig omdat EK nie dadelik help wanneer julle MY vra nie, maar Ek weet waarom en na die tyd sal julle juig, soos die man gejuig het toe hy MY sien en dadelik geweet het waarom hy so ‘n lyding moes deurgaan. EK weet ook wie om te neem en wie om te los, sodat hy nog langer kans kan kry om MY te soek op aarde. Daar is mense wat net slegter en slegter sal raak as hulle op die aarde gelos word en hulle sal dan nooit hulle weg na MY vind nie. Dan gryp EK in, en bring die mens te sterwe om daardie siel in die hiernamaals beter te kan bewerk en hy dan op so ‘n manier tot MY kan kom. Julle moet nooit dink dat dit onregverdig van MY is wanneer EK mense van die aarde af wegneem nie, omdat EK die beste weet waar hulle siele heen sal gaan as hulle hier sou bly. EK is bekommerd oor elke mens se siel en doen net wat die beste is vir sy sieleheil, sodat hy ook gered kan word en nie in die hande van die bose val nie. Ag MY regverdig en jy sal leef.

Amen.

# Hoofstuk 32

***18 Jan. 2008 16: 55***

EK het aan MY skryfkneg gewys hoe EK gelyk het aan die kruis en dit het haar diep geroer en sy het gewonder waar EK die krag vandaan gekry het om nog te praat terwyl EK aan die kruis in pyn vasgespyker was. EK het aan haar gesê dat Ek krag van My Vader ontvang het om alles deur te maak, al was EK van HOM geskei tydens MY kruisiging. Net soos wat julle nog nie met MY Een is nie en julle krag van My ontvang, het EK ook krag ontvang om daardie swaar las te dra. Dit is die las wat EK vir julle gedra het en EK het die onbeskryflikste pyne deurgemaak. Daar was nie 'n heel plek aan My liggaam nie en die satan het sy kans goed benut om MY te pynig. My kinders, julle sal nie nou alles verstaan nie, omdat daar baie dinge in die geesteswêreld afgespeel het wat vir julle heel nuut sal wees. Daarom sal EK nie in diepte aan julle alles verduidelik nie, maar Ek sal julle wel die volgende daaroor sê: Terwyl EK gekruisig is en die marteling deurgegaan het, was daar oorlog in die hemele en die bose was heeltemal uit hulle velle uit en het gedink dat hulle MY ryk kon oorneem terwyl Ek "hulpeloos" aan die kruis was. In die hemele was daar oorlog en dit het almal as groot donderslae waargeneem. Hulle kon egter geen teken van reën sien nie en het gestaan en kyk wat met MY gebeur. In My hemele het die satan en sy demone probeer inkom en het gedink dat hulle MY nou gaan onttroon en self MY troon bestyg. MY engele het egter die opdrag gehad om hulle met alle mag te verwyder en hulle in die diepste put te gooi, waar Ek dan ook ingegaan het. Die wagters by die poorte van die hel het ook die opdragte gekry om die hekke te bewaak, sodat EK nie daar kan inkom nie. Hulle het MY geweldige lig gesien en het gevrees vir MY lig in hulle koninkryk. MY lig het hulle gepynig en toe EK met MY mag daar inkom, het hulle met groot vrees en bewing neergeval en kon nie opstaan nie, weens hulle groot vrees. EK het egter MYNE daar uit gaan haal en die duisternis het teruggekeer in die midde van die hel waar dit nog vandag is. Nou is dit dieselfde met julle en waar julle besig is om gekruisig te word, het die oormag julle oorgeneem en wil hulle koning kraai waar hulle

nie mag nie. MY kinders, Ek gaan julle weereens verlos en julle sal weer regeer saam met My as julle Heerser. Die bose gaan EK verjaag, omdat hulle is waar hulle nie mag wees nie. In sataniese hoonlag het hulle julle uitgelag en wou alles van julle oorneem, maar daar sal nou 'n einde aan gemaak word en EK sal díe laat heers wat EK SELF aanstel. Moenie hulle vrees nie, want dit is nie uit MY uit nie. EK sal julle help en die orde in julle land herstel en daaraan kan niemand iets doen nie. Al dreig hulle julle met allerhande dinge, moet julle nie bang wees nie, omdat EK julle van al hulle dreigemente sal bewaar. Niks sal teen julle uitgerig kan word nie, omdat EK so sê. Gaan julle gang sonder 'n bang haar op julle koppe en vertrou net alleen op MY. EK sal die poorte van die duisternis in julle land ook oopmaak en daar ingaan, al waak hulle almal gelyk by die ingange. EK tree in en gaan haal MYNE daar uit en niemand sal MY keer nie. Nie die grootste oormag op aarde of in die hemele kan MY keer nie. Vertrou net op MY en EK sal julle almal uit die donker put kom haal en julle sal juig en jubel omdat EK MY deur niemand van stryk af laat bring nie. Sorg net dat jy aan MY kant is en nie aan die kant van die bose nie, omdat EK nie die bose van hulle eie boosheid bevry, solank dit hulle wil is om boos te wees nie. Luister na MY woorde en wees getrou.

Amen.

# Hoofstuk 33

***19 Jan. 2008 06: 51***

EK wil aan julle bekend maak hoedat satan te werk gaan om julle van MY af weg te rokkel en julle te keer om in julle harte te gaan en MY daar te soek. MY kinders, julle almal het al gelees dat EK altyd sê dat julle MY in julle harte moet soek en nie in julle verstande nie. Nou, daar is 'n verskil tussen julle koppe en julle harte. Julle harte is die gebied waar julle emosies vandaan kom. Dink maar hoe jou hart voel as jy hartseer is of bly. Dit is ook hoekom `n mens van "hartseer" praat. Jou hart krimp regtig inmekaar en jy voel jy wil huil. Ook in jou hart is die gevoel van blydskap te vinde en as jy iemand lanklaas gesien het kom die emosie van verlange ook in jou hart na vore. Nou, wanneer Ek sê dat julle MY daar in julle harte moet gaan soek, moet julle letterlik met julle siele in julle harte ingaan en MY daar kom soek. Wanneer julle met baie liefde aan MY dink, sal julle voel hoe julle harte warm word en in daardie staat moet jy dan in jou hart in afsak en daar met MY kom praat. Wanneer jy in jou verstand is, kan jy nie tot MY deurdring nie en Ek sal jou verhoor, omdat EK weet jy weet nie van beter nie. Maar as jy van beter weet en al geoefend is om in jou hart in te gaan, moet jy MY nie meer in jou verstand aanroep nie. Sodra jy MY daar aanroep, sal jy oombliklik deur Satan aangeval word en jou gedagtes sal nie by jou gebed bly nie. Wanneer jy egter in jou hart tot MY bid, sal jy vir ure daar kan bly en jou gedagtes sal nie afdwaal nie. Satan weet dat julle nie weet hoe om in julle harte in te gaan en MY Stem daar te hoor nie en daarom sorg hy dat julle nooit self agterkom dat daar 'n verskil tussen julle harte en julle koppe is nie. En hy poog daarin om julle soveel as moontlik in julle verstande te hou, deur middel van dinge wat julle die hele tyd moet besig hou in julle koppe. Daarom is die radio in elke winkel waarin jy stap aan en in elke straat waar jy stap word die musiek kliphard gespeel, sodat jy nie daarin kan slaag om jou verstand af te sluit nie. Kyk maar of jy in jou hart in kan gaan wanneer die televisie aan is, of enige ding wat voor jou gegooi word wat keer dat jy stil kan raak in jou binneste. Daarom verbied EK julle om na wêreldse musiek te luister en televisie te

kyk. Hou jouself eerder met MY woorde besig as om ‘n aardse tydskrif te koop wat jou besig hou met die dinge van die aarde, en jy dan nie in die stilte van jou hart in kan gaan nie. Dink hieroor na en jy sal die waarheid agter dit raaksien. Julle wat dink dat EK net ‘n pretbederwer is, sal eendag spyt wees dat julle nie na MY woorde geluister het nie, aangesien daar ook ‘n verstand en ‘n hart in die siel geleë is, en na die dood moet die siel ook werk maak daarvan om MY in die hart te soek en nie in die verstand nie, as die siel dit nie op aarde reggekry het nie. Maar in die ryk hierna is dit net baie moeiliker as op aarde en daarom raai EK julle aan om liewer nou julle verstande te kruisig, soos wat EK op die Hoofskedel gekruisig is, en julle harte oop te maak en daarin te gaan en MY Stem daar te soek. Dit is ook daar waar julle MY Stem sal hoor en nie met julle verstande, of julle fisiese ore, soos wat baie mense glo nie. Dink aan MY met liefde in jou hart en daar waar jy die gevoel van liefde voel, moet jy ingaan met jou siel en jy sal weldra MY stem hoor en ook sommer deur jou geopende geestesoog ook kan kyk. Julle is die hele tyd in ‘n geestelike dimensie ook, al weet julle dit nie en MY skryfkneg wat hier skryf, kan oombliklik sien waar sy is, die oomblik wanneer sy in haar hart ingaan. Maar wees gewaarsku, die bose weet wie van julle ook al in julle harte in kan gaan en sal alles doen om jou gevange te hou in jou verstand. Poog daarom om nie na aardse dinge te luister nie en bly in jou hart, dan sal jy nooit verkeerd handel nie, omdat EK jou die hele tyd kan waarsku en jy MY Stem kan hoor.

Amen.

# Hoofstuk 34

***19 Jan. 2008 07: 12***

Jammer genoeg is daar vandag mense wat nie glo dat EK regtig gekruisig is nie, omdat hulle die hele tyd stry of EK aan ‘n vloekhout of ‘n paal vasgespyker is. My kinders, die vloekhout is eers ‘n paar jaar na MY kruisiging gebruik en nie op daardie tydstip van MY lewe op aarde nie. Die paal is deur die volgende generasie mense gebruik vir misdadigers en dit omdat hulle gedink het dat hulle kosbare hout verlore laat gaan deur ‘n dwarsbalk te gebruik. EK is in die vorm van ‘n kruis opgehang en MY hande was in ‘n reghoek met MY lyf en nie bo MY kop soos wat party mense beweer nie. Maar die feit bly staan dat dit ‘n sinnelose gestryery is en wat die stryers niks baat nie. Wat hulle wel baat is die feit dat EK gedood is en in die hel in gedaal het en MY siele daar verlos het en dit is gedoen, sodat selfs die wat so lekker sit en stry, gered kan word. Gee ag daarop dat julle nie oor nuttelose feite sit en stry nie, omdat dit julle ook van die punt van MY kruisiging afbring en in plaas daarvan dat julle MY lyding aanskou en uit diepe dankbaarheid vir MY in julle harte bid en ook om verlossing vra - wat eintlik die doel van MY kruisiging was - gaan julle nou in vyandskap uitmekaar en is vies omdat die een nie die ander een se stelling wil aanvaar nie. MY kinders, dit is ook ‘n manier van satan om julle uit julle harte te gaan haal en in julle verstande te bring, waar julle eie ego’s baie groot geword het, want “ek is mos altyd reg”, nê! Dink nie daaraan of Ek so of so gekruisig is nie. Aan elkeen wat MY werklik liefhet en wat werklik MY kruisiging waardeer, sal EK die waarheid gee en EK sal selfs sy geestesoog open, sodat hy MY kan sien in die toestand waarin EK was. Hy sal dan self sekere feite wat nooit eers genoem is nie, kan sien en dan so die reine waarheid kan sien met sy eie oë. Daarom is dit heeltemal oorbodig om te stry oor dinge waarvan julle niks weet nie, omdat dit baie jare voor julle geboorte plaasgevind het. Ook die feit dat MY hande en nie polse deurboor is nie, word ook ‘n baie groot stryery by party van julle. MY kinders, EK is deur MY hande deurboor en nie MY polse nie en die rede daarvoor is dat satan MY tien gebooie, wat deur MY tien vingers voorgestel word,

wou verbreek en daarom het hy MY hande deurboor, omdat die vingers se senuwees alles daar bymekaar kom en hy almal sommer met een klap kon raakvat en verbreek. Dit was hoe dit gebeur het en moenie daaraan twyfel nie, omdat die feitekennis jou nêrens sal bring nie, maar die kennis van die liefde, en daarmee MY liefdesdaad, van baie belang is. Die feit bly staan – Ek het vir julle gely, gesterf en julle verlos van die bose en julle hoef nie te vrees dat julle in die hel sal beland nie, omdat EK vir julle gely het en jy nie self daardie las hoef te dra nie. Dit is die belangrikste, MY kinders, en konsentreer daarop met liefde, in plaas daarvan om te stry. Sal ‘n pa bly wees as sy kinders hom ignoreer en dit wat hy vir hulle gedoen het miskyk, maar die hoe en die wanneer vir hulle belangriker is as HY? Nee, enige pa wil hê sy kinders moet hom raaksien en in dankbaarheid op sy skoot kom sit en hom vertroetel en nie sit en stry oor sy dade nie. Dink dan nou hieroor na as jy ook gestry het oor MY kruisiging en weet - dit het EK uit oorgrote, onmeetbare liefde vir julle gedoen en julle moet eerder aan MY liefde, met liefde in julle harte dink, dan was MY kruisiging ook vir jou tot nut. Amen.

# Hoofstuk 35

***19 Jan. 2008 07: 33***

Tussen julle mense vandag is daar baie engele teenwoordig wat julle help om op die regte pad te bly en MY engele wat nog nie mens geword het nie, is ook tussen julle in 'n ander dimensie besig om met julle te werk. Baie mense sê dat hulle al engele gesien het en is baie bly daaroor en dan is daar mense wat bitter graag 'n engel wil sien en nooit, volgens hulle, 'n engel gesien het nie. MY kinders, baie van julle wat hier lees is self engele wat besig is om die weg na MY terug te vind deurdat julle MY woorde lees. Almal van julle wat wel engele is, is hier op die aarde op hierdie tyd, sodat julle ander wat nog sukkel, na MY kan bring en dit is die rede dat julle dan in menseliggame op aarde is. Ek het die wete vir julle by geboorte uitgewis en julle weet nie wie en wat julle is nie. Dit is met 'n doel en rede so deur MY gedoen, nadat jy self eers daarmee akkoord gegaan het en die opdrag wat EK jou gegee het, aanvaar het. Dit is julle doel op aarde om lig te bring in die duister wêreld om julle en daar is baie mense wat julle lig sien en julle dan volg en so by MY uitkom. MY kinders, julle sal almal eendag weet wie julle is wanneer julle by MY opgeneem word, of selfs wanneer julle hier op aarde met MY Een geword het. Strewe na die eenheid met MY en EK sal jou kan wys wie jy is. My kinders, voordat jy Een met MY geword het, sal EK jou nie kan wys nie, omdat jy dan 'n baie groot dunk van jouself sal ontwikkel en jy dan hoogmoedig en onbruikbaar vir MY word. Wees nederig, omdat jy nie beter is as ander mense nie, al is jy 'n engel wat lig moet bring aan ander. Julle moet ook nie dink dat iemand anders 'n engel is en dit vir hom sê nie, omdat die gevaar bestaan dat hy dit later self ook kan glo en dan hoogmoedig kan word. MY kinders, EK sal wel julle oë open sodat julle kan herken wie hier op aarde is om julle op die regte weg te bring en julle te lei. EK sal dit in elke een van julle se harte bekend maak wie julle moet volg in die groot stryd wat kom, en julle sal weet wie die leier van die volk sal wees wat EK uitverkies het, omdat hy nederig is. MY kinders, hy het tot op hede glad niks geweet nie en was baie verwonderd en verbaas toe ek dit aan hom bekend maak dat hy MY

volk sal moet lei. EK het hom SELF uitgekies en hy sal dit nie aan julle bekend maak nie. EK SELF sal dit vir julle sê, sodat julle nie dink dit is iemand wat weer die leier wil wees omdat hy hoogmoedig is nie. Teveel in die verlede het julle na julle leiers opgekyk en is deur hulle verlei om verkeerde dinge te doen, maar hierdie keer het EK hom SELF gekies en hy het homself nie gekies om op 'n raad te dien, of die voortou te neem nie. Niemand sal eers vermoed wie hy is nie, omdat hy 'n baie stil persoon is wat homself altyd op die agtergrond hou en baie min praat. My kinders, dit is so deur MY gedoen, sodat julle MY Hand daarin kan sien en die wat hom ken, sal net MY wonderwerk daarin raaksien. Julle almal sal dan deur hom reg gekry word vir die stryd wat kom, omdat hy na julle almal sal kom en julle sal hom oombliklik herken met MY GEES wat julle die waarheid sal ingee. Dink nie dat dit iemand is wat in prag en praal lewe nie en hy is baie armoedig en heg geen waarde aan aardse besittings nie, omdat hy die nietigheid daarin raaksien. Wanneer hy na julle sal kom, moet julle weet dat die stryd in julle land baie, baie naby is en julle moet julleself net aan MY Hand oorgee om julle gereed te kry vir die stryd, omdat net EK, en nie hy nie, julle sal kan red. Hy sal net MY opdrag aan hom uitvoer en julle sal weet dat hy julle in MY Naam sal lei, sonder om self die leier te wil wees. MY kinders, kyk na MY en julle sal leef. Vestig julle aandag op MY en nie op 'n mens nie. Vrees nie die oormag nie, omdat EK julle sal verlos en wees getrou sodat EK, julle Almagtige en Liefdevolle Vader julle kan verlos.

Amen.

# Hoofstuk 36

***20 Jan. 2008 07: 35***

MY kinders, EK, as julle liefdevolle Vader, sal julle nooit verlaat nie, al kwyl die bose hier om julle en probeer julle siele verontrus. Die bose haat julle en natuurlik die meeste vir MY en probeer julle almal van MY af wegrokkel en ook om julle deurmekaar te maak deur julle te probeer oortuig dat MY woorde verkeerd is. Solank julle net by MY bly en MY uit die diepte van julle harte aanroep en liefhet, sal die bose julle nie kan oorneem en julle sal weet dat dit EK is wat met julle praat. MY kinders, EK beskerm die persoon wat net na MY kom vir hulp en leiding en daarom sê EK vir julle dat julle na MY Stem moet soek, sodat jy nie deur iemand, wat jy dínk sy woorde van MY ontvang, mislei kan word nie. EK gebruik My skryfknegte, ja, maar hulle is ook net mense en daarom nie betroubaar nie. Solank hulle vir MY skryf, sal EK nooit toelaat dat daar verkeerde dinge uit hulle pen gaan nie en julle kan maar elke woord glo wat hulle in MY boeke neerskryf, omdat hulle MY baie liefhet en nie onder die mag van die bose staan nie. Maar moenie hulle kom vra vir leiding nie, omdat net EK die EEN is wat lei. Hulle almal is maar net mense soos julle en wil nie die leiding neem nie, omdat hulle hulle nietigheid ken, en het almal lief en wil daarom nooit vir iemand verkeerd sê nie. Kom na MY en vra elke ding in jou hart aan MY en EK, wat al jou vrae ken, sal dit in MY boeke deur MY skryfknegte aan julle beantwoord en julle sal dan ook sommer kan sien dat MY skryfknegte MY waarlik dien, omdat julle weet dat hulle julle nie ken nie. EK is julle Vader en niemand kan daardie plek inneem en oorneem nie. MY kleintjies, julle het nie 'n benul hoedat die Satan julle haat en julle probeer verlei nie. Kom vra MY en MY alleen en EK sal julle sê. Daarom het EK ook gesê dat MY boodskapper julle nie self sal sê wie hy is nie, omdat julle nie die woord van 'n mens moet aanneem nie, maar Ek sal dit aan julle deur julle harte bekend maak wie hy is. Glo net MY Stem en niemand anders nie, omdat die Satan hom as 'n mens kan voordoen en julle kan verlei. In 'n wêreld waar daar niks meer snaaks is nie, sal julle verbaas wees hoeveel snaakse dinge nog om julle afspeel wat julle dink, normaal is. Daar is baie boosheid

om julle waarvan julle nie bewus is nie en daarom het EK in ‘n vorige boek aan julle gesê dat as julle sou kon sien om julle, julle die hele tyd sou gewaak en gebid het, omdat die bose sommer hier naby julle is. Hy kan julle niks doen nie, as julle net by MY bly, maar wanneer julle net een stappie verkeerd maak, sak hy op julle toe en julle weet dan nie waar al hierdie skielike moeilikhede vandaan kom nie. Maar as julle mooi oplet, sal julle agterkom waar julle verkeerd gehandel het en julle sal insien hoedat Satan julle met ‘n valkoog dophou sodat hy julle kan aanval. Daarom is dit so belangrik om MY die hele tyd te kom soek en in gebed te bly, selfs al is jy besig met jou aardse dinge. MY kinders, EK kom julle een van die mooi dae verlos van die boosheid, ook die bose in julle land en julle almal sal MY Stem self in julle binneste kan hoor en niemand sal dan vir julle verkeerde dinge kan sê nie, omdat julle dadelik sal weet wat reg en wat verkeerd is. Klou net aan MY vas en wees nie slim in julle eie oë nie, omdat die bose daarvan hou om “slim” mense te verlei en dit vir hulle baie maklik is om verkeerde dinge in so iemand se kop te sit. EK het julle so lief en wil julle beskerm as julle MY sal toelaat deur die hele tyd met MY in verbinding te bly. Julle sal dan nie regs of links afwyk nie, want julle sal dan ook vinnig Een met MY word. Sodra jy die Eenheid met MY bereik het, sal jy alles kan sien en die bose sal dan heeltemal van jou wyk en met nuwe krag sal jy dan kan voortgaan en elke bose onding sal jy kan bestraf en die mag oor alles hê. Dit sal jy net kan bereik deur MY GEES binne jou. Streef daarna sodat jy nie deur die bose oorkom kan word nie.

Amen.

# Hoofstuk 37

***20 Jan. 2008 07: 55***

Gee jou hele hart net vir MY alleen en moenie terughou van jou hart nie. Dit is wat EK vir julle almal wil sê vandag, omdat baie van julle geneig is om van julleself terug te hou en dit vir iemand anders te gee. MY kinders, as julle julle harte onvoorwaardelik aan MY gee, sal julle dan ook julle harte met ander kan deel deur MY liefde. As julle MY eerste liefhet, sal julle dan julle naaste deur MY liefhê, soos wat dit hoort en niemand sal dan groter as Ek wees in julle harte nie. Daar is baie wat MY liefhet, maar nog ‘n klein stukkie van sy hart oorhou vir sy vrou of kind en dit kan nie toegelaat word nie. Kom gee jou eerstens aan MY oor en kry MY lief met jou hele hart en jy sal sien hoe jy jou naaste liefkry deur MY en dit sal dan ‘n verhewe liefde wees wat rein is. Niemand is groter as EK nie en niemand kan MY plek inneem nie en daarom moet julle MY eerste kom soek en dan sal EK julle met liefde in julle harte seën, sodat julle dit kan uitdeel aan ander mense. Wie sy vrou of kind bo MY stel, is MY nie werd nie en sal daarom dan ook deur die bose aangeval word, omdat die bose selfs dít weet. EK het julle eerste liefgehad en daarom moet julle MY ook eerste liefhê, sodat EK julle weer met liefde kan beloon sodat julle dit in oorvloedige mate kan teruggee aan julle vrouens of kinders of mans. Dink julle dat julle staande kan bly wanneer julle iemand bo MY liefhet? Sal jou vrou, kind of man jou staande kan hou in die geloofstryd? Wat van die lewe hierna? Kan enige iemand vir jou die ewige lewe gee? Nee, MY kinders, net EK kan julle die ewige lewe gee en sal julle daarom aanraai om niemand bo MY te stel nie. Kom vra MY en EK sal dit aan jou openbaar en jou wys of daar iemand in jou hart is wat groter is as EK. Dan kan jy dit ook in MY Hande gee en EK sal jou daarvan bevry. EK sal julle almal rein maak voor die groot geloofstryd aanbreek, omdat EK reine kinders nodig het om vir MY in die wingerd te arbei. Wanneer hierdie stryd in julle land met die ander nasies verby is, sal julle almal rein voor MY staan en daar sal nie meer ‘n vuil kolletjie op julle harte wees nie. Hierdie stryd is daar om julle te reinig en julle skoon te was, en daarom moet julle noual vir MY vra

waar julle nog onrein is, sodat EK jou noual skoon kan was en jy nie so ’n kwaai stryd nodig het om jou te reinig nie. EK sal die wat alreeds voor die tyd na MY gekom het vir die reiniging, deur baie dinge laat gaan sonder dat dit hom of haar enigsins skade kan aanrig, terwyl die ander wat nog nie deur MY gereinig is nie, deur slegte dinge sal moet gaan en baie meer sal verloor omdat hulle daardeur gereinig moet word. Dink daaraan en kom liewer nou, sodat EK julle kan reinig en julle hierdie stryd wat kom, makliker sal kan dra as die een wat meer reiniging nodig het, en dit dan in die stryd moet deurgaan. EK alleen sal julle skoon was en julle sal rein voor MY staan sodat EK julle kan optel en teen MY bors vasdruk. MY liefde aan julle, MY volk van ouds.

Amen.

# Hoofstuk 38

***20 Jan. 2008 08: 21***

Weet julle dat EK julle baie liefhet? Julle almal sê ja, maar weet julle regtig wat dit beteken? Dit beteken dat EK vir julle doodgemaak is en julle siele van die bose bevry het. Julle almal verstaan nog nie die bose aanvalle op julle nie en weet nie hoe boos hulle is nie, en sal daarom nog nie MY kruisdood so waardeer soos iemand wat alreeds die bose gesien het en deurgeloop het onder sy vieslike vuiste nie. MY skryfkneg het al deurgeloop en was stom van verbasing oor hoe fyn die bose, dinge wat deur MY aan haar gesê is, kan verdraai en haar beskuldig van dinge wat sy glad nie gedoen het nie. EK gee haar opdragte om uit te voer en sy word dan deur die bose beskuldig van verkeerde dinge en valse beskuldigings wat sy dan aan ander toedien. Sy het haar werk gedoen wat EK haar opgelê het, en is deur die bose oorval en amper van stryk af gebring, deurdat sy vertel is dat sy nie ander liefhet nie en ander van valse dinge beskuldig. MY kinders, julle weet nie hoe die bose MY woorde kan verdraai nie, en sal alles in hulle vermoë doen om MY kinders van stryk af te bring deurdat hulle MY woorde aan hulle verdraai, sodat hulle moet begin twyfel of hulle die regte ding gedoen het. As julle net doen wat EK julle oplê, doen julle niks verkeerd nie en hoef julle nie bekommerd te wees dat julle sondig in MY oë nie. Kom skuil by MY, sodat EK julle kan sterk maak vir die groot geveg wat gaan kom met die bose, wat om elkeen van julle se siele woed. MY kinders, elke een van julle het ‘n vrye wil en sal daarom self kan kies of julle MY of die bose wil dien. Kies julle MY, sal julle voort kan gaan in krag en nie wankel nie, omdat EK julle van krag sal voorsien. Wees nie bevrees of verskrik nie, omdat EK julle stuur en wees nie bang omdat die Satan julle aanval as julle MY arbeid verrig nie. EK maak julle sterk en julle sal met MY oë na alles kan kyk en verstaan wat gebeur, terwyl die een wat nog iets of iemand bo MY stel, nog nie helderheid sal hê nie. Kom gee alles in MY Hande oor en gaan doen wat EK julle beveel om te doen en julle sal leef, al vervloek die bose julle herhaaldelik. Elke vloek sal tien keer erger oor homself terugkeer en in pyn sal die bose dan ver-

keer en MY nog meer daaroor haat. Maar wie het met MY kind kom sukkel terwyl sy of hy MY werk gedoen het, wat EK hom of haar beveel het? Dis bose het net homself te blameer as hy pyn ondervind, deur MY toegedien, en sal daarom niemand anders kan beskuldig van enige ongerief nie. My kinders, wees nie bang vir die bose satan nie, want hy kan julle niks maak nie, want Ek sal julle beskerm en julle sal as wenners in MY uit die stryd tree. Almal sal dan kan sien wie die ware kind van MY is en nie die bose meer glo nie. Dit belowe EK julle almal wat MY liefhet, al is dit net nog ‘n bietjie liefde vir MY, julle Vader en Skepper.

Amen.

# Hoofstuk 39

***21 Jan. 2008 08: 30***

In die laaste paar hoofstukke het EK nie veel van MY kruisiging gesê nie, omdat EK baie belangrike dinge aan julle moes sê, maar vandag wil EK julle weer iets van MY kruisiging vertel. Julle almal weet dat Simon van Sirene MY gehelp het om MY kruis te dra, maar wat EK nie vermeld het nie, is dat hy maar 'n baie klein mannetjie was. Hy kon nie MY kruis gehelp dra het nie, omdat hy vir daardie tyd 'n redelike klein man was en nie baie krag gehad het nie. Daarom was dit aan hom toegesê as straf om MY te help, omdat hulle gedink het dat hy nie 'n tree sou kon beweeg met die swaar las op sy skouers nie. Hulle het hulle gereed gemaak om lekker te lag vir die "armsalige swakkeling" wat MY moes help. MY kinders, groot was die verbasing toe Simon nie net MY ophelp en die kruis help dra nie, maar ook met tye het hy MY van die grond gelig en self gedra. Die soldate was buitengewoon kwaad hieroor en wou hom ook met swepe slaan, maar MY krag het hulle verhoed om dit te doen. Elke keer dat hulle wou slaan, is hulle met 'n groot lamheid getref, net soos die keer toe hulle MY dogter, wat die sweetdoek aan MY gegee het, getref is. EK behoed díe wat MY dra en MY 'n goeie daad bewys en hierdie mense het nie die reg gehad om MY Simon te slaan nie. Met groot krag wat EK aan hom gegee het, het hy MY en MY kruis opgetel en verder gedra tot waar hy My moes neersit en EK SELF verder moes stap. MY kinders, julle almal wat MY in julle harte dra en MY kruis opneem hoef nie groot van gestalte te wees om dit te kan doen nie. Dit is gewoonlik die klein mensies wat MY krag besit en wat daarmee allerhande wonders kan verrig. Moenie dink dat iemand wat klein is, niks uit homself kan doen nie, omdat die een wat MY krag besit, maak nie saak of hy groot of klein is nie, alles kan vermag. EK gee julle krag en nie julle sterk liggame nie. Kom na MY en EK sal julle van krag voorsien en jy sal die satan, wat baie sterker as jy is, kan verslaan. Die bose is magtig, maar EK is Almagtig en die een wat MY in sy binneste dra, is sterker as die hele helse leërmag saam. Julle kan MY hierin beproef en julle sal sien hoedat jy krag van MY ontvang om die stryd vir MY te

stry. Dit sal EK vir julle almal doen wat MY in sy hart dra. Neem MY kruis op en jy sal sien hoeveel krag jy ontvang om alles, wat op jou pad kom, te dra.

Amen.

# Hoofstuk 40

***21 Jan. 2008 08: 49***

Julle almal wat MY woord lees, sal weet dat alles wat EK in hierdie boek vermeld het, die waarheid is, al kom dit dalk nie ooreen met die Bybel soos wat julle hom ken nie. Maar weet julle, dat dit ook vir julle wat MY woorde glo, 'n toets was om te kyk of julle MY woorde wat aan julle gebring word in hierdie tyd, geglo het, en of julle dit afgeskiet het. Die van julle wat alles glo wat EK aan julle bring, sal ryklik daarvoor beloon word, aangesien julle MY glo en nie iemand wat julle 'n skinderbrokkie vertel nie. MY kinders, EK het julle so lief en wou julle daarom ook toets of julle MY lief genoeg het om MY woorde te lees, al kom dit dalk nie ooreen met die Skrif soos wat julle hom ken nie. EK sal elke een van julle wat MY Woorde oor MY kruisiging geglo het SELF by die hand kom vat en na MY ryk lei waar julle gelukkig saam met MY sal wees en EK sal julle ryklik daarvoor seën en julle sal dan weet dat EK julle uit MY Hart liefhet. MY kindertjies, daar is so baie wat MY woorde nie geglo het nie en MY skryfknegte afmaak as kinders van die satan, maar EK wil vir hulle sê dat hulle MY verwerp het en nie MY kinders nie. EK het ook vir hulle genade en sal hulle ook red as hulle na MY sou kom en vergifnis vra, maar hulle het hulle loon wat hulle sou ontvang weg en sal nie na dieselfde ryk as julle gaan wat MY woorde onvoorwaardelik geglo het nie. Daarom wil EK vir elkeen van julle wat MY woord geglo het sê: 'Salig is julle, want julle het MY koninkryk beërwe!”
Amen.

**DIE EINDE**